BOESMAN-STORIES.



VERSAMEL·DEUR

G·R·von·WIELLIGH.

DEEL IV.

ZA 810·09
WIELLIGH

RK.

AFRICANA.

MERENSKY-BIBLIOTEEK
DEC 20 1945
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA.
Klasnommer 839 525·4
Registernommer 94,415

2436085

Boesman=Stories.

Boesman = Stories.

Deel IV.

Gemengde Vertellings, mees van 'n Awontuurlike Aard.

DEUR

G. R. VON WIELLIGH.

Geillustreer deur H. ANT. ASCHENBORN, Stellenbosch.

ALLE REGTE VOORBEHOU.



DE NATIONALE PERS, BEPERKT, Drukkers en Uitgewers,
KAAPSTAD. STELLENBOSCH.
BLOEMFONTEIN en PIETERMARITZBURG.
1921.

MERENSKY-BIBLIOTEEK
UNIVERSI[illegible]
Klasnomm. ZA 810·09
Registernommer 94,915

WIELLIGH

INHOUD.

No.		Bladsy.
	'n Paar Woorde vooraf	i—iii
76.	'n Onverwagte ontmoeting	1
77.	Onwetend sondig, en wat daarop volg ...	9
78.	As 'n Boesman weer wild word	15
79.	Op 'n Skiettog, en wat daar te sien was ...	23
80.	Nog meer oor die Skiettog	31
81.	'n Kommando teen Boesmans	37
82.	Hoe daardie Veldtog geëindig het	43
83.	Die Wraak van 'n Boesman	51
84.	Boesmans by Chrissiesmeer	61
85.	Kalmte in gevaar is die beste Raadsman ...	67
86.	Veg Boesmans ook onder mekaar?	75
87.	Die verkeerde Volstruis	81
88.	Staan tot die Dood toe	93
89.	Vryheid—die grootste Ideaal	101
90.	Liewers Sterwe as Oorgee	111
91.	Die Wreedheid van Boesmans	119
92.	Boesmans in die Breekwater	127
93.	Uit die Breekwater huis-toe	133
94.	'n Boesman-Weeskind	139
95.	Die Krag van Bygeloof	149
96.	Nog meer oor Bygeloof	157
97.	'n Boesman se Opvoeding	163
98.	Hoe 'n Tier baas gespeel het	171
99.	Twee verwante Stories	181
100.	Uit die bek van 'n Krokodil ontsnap	187

'n Paar Woorde Vooraf.

MET BOESMAN-STORIES het ons eers die leser 'n kykie in die hart en gemoed van die Boesman laat werp. Hierdeur het ons kennis gemaak met sy manier van dink, wat sy begrip van lewe is, en ook in hoever hy hom in afgetrokke denkbeelde kan verdiep. Toe het ons nader na sy aandvuurtjie gestap, om na sy stories, die vrug van sy skeppingskrag, te luister. Daarna het ons getrag om hom voor te stel soos hy deur die bril van die beskawing gadegeslaan word. En nou in DEEL IV bring ons hom op die toneel om te toon watter rol hy in die hedendaagse beskawing speel. Ons kry hier met die voorhistoriese mens te doen.

Sou vandag in Europa 'n klompie van die ou geslag uit die steentydperk verskyn, let dan op watter ophef oor hulle sal gemaak word. Geleerdes van alle kante sal toestroom om kennis met die voorgeslag te maak. Hulle sal praatmasjiene meebring om die taal op plate te bewaar. Hulle sal hard probeer om die taal te leer, en hulle sal dié soort mense meer vrae stel as wat hul kan beantwoord.

Wel, hier in Suid-Afrika het ons onder ons vandag nog 'n menseras uit die steenperiode, en min aandag word aan hulle deur die geleerde wêreld bestee. Ja, eendag sal die nageslag ons, die teenswoordige geslag, vir hierdie nalatigheid met reg grootliks blameer. Ons persoonlik het daarna

gestreef om materiaal byeen te bring om die Boesman in elke opsig van sy maatskaplike bestaan voor te stel. Ons het getrag aangrypende voorbeelde uit sy lewe te verskaf om kennis te maak met sy manier van dink, redeneer, ook sy doen en late, en om 'n idee te kry van watter nut of onnut hy in die hedendaagse maatskappy is. Met ander woorde, ons het gepoog die teenswoordige en toekomstige leser in aanraking te bring met die Boesman wat *leef*—al is hy reeds dankal gestorwe. Deur sy geskiedenis, sy kuns en sy taal te bestudeer, kry ons slegs 'n lewenslose portret van hom; maar om na sy vertellings te luister, sit ons in sy geselskap, en ons ore drink ieder woord van sy lippe op—al is daardie lippe reeds vir eeue tot stof vervorm. In ons verbeelding sien ons 'n lewendige wese op wie se aangesig noodlot sy stempel van plesier en onbesorgdheid diep afgedruk het.

Die geskiedenis is slegs 'n koue standbeeld wat ons kom vertel dat daar êrens so 'n nasie gelewe het, dat Afrika uit die pad van Europa en Asië gelê het; en weens sy woestyne was Afrika nooit die Nabothswyngaard van hebsugtige nasies nie. Om hierdie rede was die Boesman vry om na eie goeddunke te handel en te wandel. Hy is nooit oorwin geword nie, maar wel stelselmatig verdrywe en uitgeroei. Die geskiedenis vind hierdeur 'n verklaring van hoe 'n ou geslag uit die steentydperk deur al die eeue onveranderd, onbeskaaf, sonder 'n steek verder te ontwikkel as wat hulle stamvaders vir duisende jare terug was, gebly het, terwyl in die geval van ander volkere die monumente van die beskawing van die gryse verlede verkrummel het en die son van die Verligte Eeue reeds vir 'n lang tydvak hoog aan ons

hemel skitter. Hoe belangwekkend dit alles is om te weet, ons het slegs 'n koue standbeeld van hierdie dwergras voor ons, terwyl aan die ander kant hulle volksvertellings ons met 'n lewendige ras in aanraking bring.

Wel, wat Boesman-Stories vir die teenswoordige betref, word hul deur die gros van ons lesers bejeën as bloot vermaak vir kinders. Dat dit so mag wees! Dan is ons oor hierdie feit baie voldaan, omdat dit ons die versekering gee dat ons meehelp om aan ons opgroeiende geslag genotvolle uurtjies te verskaf. Daarom het ons eenvoudige taal gekies. Maar daar sal gewis 'n tyd aanbreek dat nie alleen kinders nie, maar meer as kinders hulle ore sal hou teen die blaaie van Boesman-Stories om te luister na sprokies en vertellings asof die woorde direk en duidelik afkomstig is van die oorspronklike lippe wat hul vertel het.

Die Skrywer.

Kafferstad, Hendrina, Tvl.,
24 Oktober 1919.

Stories No. 1 tot No. 25 is in Deel I gepubliseer; No. 26 tot No. 50 in Deel II; No. 51 tot No. 75 in Deel III; en No. 76 tot No. 100 word in hierdie Deel gepubliseer.

No. 76.

'n Onverwagte Ontmoeting.



No. 76.

'n Onverwagte Ontmoeting.

OPMERKINGS:—Ons gee 'n kort beskrywing vooraf van die geaardheid van 'n leeu, waardeur die eintlike verhaal beter sal begryp word.

DIE leeu is 'n roofdier wat jag en sy kos soek as dit donker is; oordags verkies hy om te slaap en sal dan nie somar iets aanrand nie—of soiets moet skielik op sy lyf afkom, en dan nog oorweeg hy sy posiesie goed eer hy tot die aanval oorgaan.

'n Mens hoor hom selde gedurende die dag brul. Eenmaal het ons hom met sononder in noordelike Swasieland hoor brul, en 'n ander maal om tienuur voormiddag ná ons die vorige dag een van sy kleintjies gevang het. Anders is sy gewone brultyd teen drie- of vieruur in die ná-nag.

Hy is 'n trots dier en sal nie somar vlug solank hy in gesig is nie. En tog het ons hom tweemaal sien vlug dat die takke so raas. Die eerste maal was ons neë witmense en omtrent honderd Kaffers bymekaar en klim die Lebomboberge uit; toe hy ons sien aankom, neem hy die loop en verdwyn oor die lae randjie.

Die twede maal was dit glad iets anders. Die dag tevore het ons twee van die langnek-kamele geskiet en een swaar gewond. Ons gee toe order aan die Kaffers om op te let waar aasvoëls in die lug dwaal, daar dit 'n aanduiding is van waar die kameel dood lê. Ons persoonlik was dié dag die enigste witman en is deur tagtig gewapende Swasies gevolg—Swasies wat met ons meegegaan het om die grenslyn tussen Transvaal en Mosambiek af te baken. Wel, die Swasies sien aasvoëls in die lug dwaal; hulle storm toe hul iets sien lê—daar in die verte nog, want die gras was kort gebrand. By so 'n geleentheid wil elkeen die eerste op die plek wees. Hulle skree, klop op hulle beesvel-skilde en fluit hard. Ons ja te perd saam. Toe ons omtrent 150 tree van die plek is, bemerk ons dat dit nie die kameel is wat daar lê nie, maar wel 'n kwagga wat twee leeus gevang het; en die twee met hulle kleintjies was besig daaraan te eet.

Dit was 'n uur voor sononder. Toe die leeus die rumoer hoor en sien hoe die Kaffers en 'n ryperd op hulle aanstorm, word hul bang en vlug dat die stof so trek. Een van die kleintjies het te oordadig gevreet en kon nie vinnig hol nie; dus het ons dit gevang en later met ons na Pretoria oorgebring, en nog later, ná dit uitgegroei is, verkoop aan

'n Duitser wat wilde diere vir die Duitse diertuine ingekoop het.

Maar in hierdie gevalle was die leeus in die minderheid; en ons ken gevalle waar die leeus by twee geleenthede ons Kaffers in die bome geja het, alwaar hul die hele nag moes sit tot die son hoog uit was; want dan gaan die leeu na sy lêplek toe—nie in spelonke en kuile soos ons gewoonlik in boeke lees nie, maar in riet, hoë gras of digte bosse. Kom iemand dan oordags op hom af, dan val die leeu die persoon nie somar uit die staanspoor aan nie; maar hy staan op, en met vurige oë en stertgewaai staan hy die indringer aan te kyk en berei hom voor vir die aanval deur nader te kom, en dan storm hy. Dog voor hy sy spring maak, steek hy vlak voor sy prooi vas en gee daarop die dodelike spring. As hy daar voor iemand vassteek, dan is dit die laaste kans om te skiet—want die spring is raak en dodelik.

Wel, nou sal ons die posiesie van die Boesman beter verstaan in die verhaal wat nou volg.

Mnr. E. de Roubaix stuur aan ons wat oom Jan Visser aan hom verhaal en wat hy dadelik aangeteken het. Oom Jan vertel :—

„My oorlede vader het aan my nog verder omtrent Rondelyf meegedeel en sê dat hy en Rondelyf, die ou Boesman, eendag besig was om weggelope beeste op te soek. Dit was by Gare-se-berg langs Grootrivier. Hulle kom onverwags op 'n leeu se lêplek af. Die leeu hoor hul praat en loop; hy spring op en staan hulle verskrik aan te kyk. Hy maak somar plan om 'n aanval te maak, en na ou gewoonte maak hy sy maanhaar staan en swaai die kwas van sy stert

heen en weer en kom gedurig entjies nader. Ongelukkig het my vader sy roer nie by hom gehad nie; maar die Boesman was met boog en gifpyle gewapen. Hy kies vir hom 'n pyl uit en staan nou en wag tot die leeu op 'n gerieflike afstand kom. Rondelyf gebied vader om doodstil skuins agter hom te staan. Hy vat toe fyn korrel met sy pyl en boog.—„My liewe kind,' sê my vader aan my, „glo nou vir my, die Boesman trek toe aan die boogsnaar tot dit later lyk of sy twee skouerblaaie oor mekaar skuif. Hy haak af, die snaar klink, en die pyl vlie koeëlsnel en tref die leeu in die kuiltjie voor sy bors. Die leeu spring met 'n brul regop in die lug en slaan toe neer nes 'n os wat die koeël vlak voor die kop in die kroontjie kry. Hy het nog 'n paar trekke en skoppe gegee, maar was so te sê op die plek dood.

„ „Met die afslag en oopsny van die liggaam, kry ons die harpoen in die hart van die dapper dierkoning. Dit was vir jou somar 'n pure raakskot, nè?'

„Maar die inspanning om die pyl deur die vel en vleis te laat deurdring, was vreeslik; want die styf-gespanne snaar het die vel van die Boesman se regterduim en voorvinger skoon weggeskeur.''

Tot so ver het oom Jan Visser vertel.

Uit hierdie voorval word dit vir ons duidelik aan watter gevare die Boesmans in die woesteny gedurig blootgestel is. Hulle het niks anders om op terug te val as hulle pyle en boog nie. En as hulle lafhartig gewees het, dan was die hele geslag miskien nou deur wilde diere uitgeroei. Maar so klein as hy is, is hy 'n held op wie, as maat, 'n mens kan vertrou. Hy sal nie somar gou vlug nie, maar kruip liewers weg om van uit sy skuiling vir hom en sy maats tot die laaste pyl op is, te verdedig. Met een pyl in sy hand bly hy net so gevaarlik as wanneer die hele pylkoker gevul is.



„RONDELYF VAT TOE FYN KORREL MET SY PYL EN BOOG."



No. 77.

Onwetend sondig, en wat daarop volg.



No. 77.

Onwetend sondig, en wat daarop volg.

OPMERKINGS:—Die besonderhede van hierdie verhaal is ook deur mnr. E. de Roubaix aan ons meegedeel.

JARE gelede het in Groot-Namakwaland, noord van Grootrivier, 'n Engelsman gewoon met die naam van Donkin. Hy het daar vee ingekoop en dit in die Boland gaan verkoop.

Hy kon die Hottentot- en Boesmantale baie goed praat, wat in daardie streke van groot waarde is. Ook het hy twee Boesmantjies gevang en groot gemaak. Hy gee hul toe die name van Karools en Bantjies. Hy het altyd met hulle in die Boesmantaal gepraat, dog die twee het later in gebroke Afrikaans ook 'n gesprek kon voer.

Eenslag kom hy weer met 'n klomp osse deur Grootrivier om dié in die Boland te gaan verkoop. Sy twee Boesmantjies was toe al groot, en hulle moes die osse aanja.

Mnr. Donkin ry gewoonlik vooruit, en die twee kom met die osse agterna.

Vroeg een oggend kom mnr. Donkin op Troe-Troe (nou Vanrhynsdorp) en wag daar vir sy osse. Maar al wat uitkom, is die osse. Wat het intussen gebeur?

Die twee Boesmans het die oggend met die osse by 'n koringland verbygekom. Die osse, wat hongerig was, storm die land in en eet ewe gulsig. Dit was vir Karools en Bantjies te mooi om te sien hoe graag die osse daardie soort gras wat hulle nie ken nie, eet. Hulle laat die osse maar hulle gang gaan en goed dik vreet.

Die gesaaide het aan oom Piet—behoor, en die ou oom was maar 'n bietjie kwaai. Hy was in die gewoonte om smôrens sy landerye om te ry om te kyk of alles nog in orde is—en daar kom hy op die gedoente af dat die osse sy gesaaide afmaai, onderwyl twee Boesmans dit alles met die grootste kalmte aanskou.

Hy brul van woede en skree vir die Boesmans: „Julle satansgoed! Wat maak jul hier? Ja op die daad die beeste uit, of ek sal julle wys!"

Die Boesmans maak of hul hom nie verstaan nie en praat die Boesmantaal dat dit so klap. So vinnig as die oubaas die osse uitja, so vinnig keer die Boesmans voor en dryf die osse land-in.

Dit is genoeg om die beste mens dinge te laat doen wat hy anders nie sou gedoen het nie. Die Boesmans was te rats—hy kon hul met die perd nie bykom nie; dus ja hy in woede terug na Troe-Troe toe en kom daar uitasem en rooi in die gesig aan. Hy stap driftig sy huis in, gryp sy

rewolwer, spring weer in die saal en ja terug in die rigting waarvandaan hy gekom het. Sy vrou merk onraad en snel na die vrederegter toe en versoek hom agterna te gaan. Hy was 'n bietjie versigtig en neem twee ander mans te perd met hom mee.

Met hierdie gedoente kom mnr. Donkin eers agter dat daar onraad is, en hy ja ook te perd agterna. Toe hy daar aankom, was die osse al uit die land; maar Karools en Bantjies was skoonveld weg en nêrens te vinde nie. Die mans neem die osse na Troe-Troe toe, en mnr. Donkin bly radeloos agter. Ná die mense weg was, kruip die twee Boesmans digteby die land uit 'n slootjie; want hulle het vir die ander mans bang geword. Hulle baas neem hul toe mee.

Die volgende dag het die saak voor die hof gedien. Niemand kon die Boesmans verstaan nie; dus is hulle eie baas as tolk ingesweer geword. Daar hy nie so 'n dom man was nie, is hy met 'n ligte boete daarvan afgekom. Hy trakteer toe vir Karools en Bantjies met 'n halfemmertjie lekkers en 'n halfbottel brandewyn—wat hul natuurlik toe net lekker en vrolik maak.

Die volgende dag was die drinkplekkie ingebreek, en brandewyn het makeer . . . en ook Karools en Bantjies het makeer. Mnr. Donkin en 'n gekleurde konstabel het hul agternagesit; wyd oor die Knegsvlakte het hul gesoek. Dit was verniet; want iemand te perd sou hul nie kon gevang het nie.

No. 78.

As 'n Boesman weer wild word.



No. 78.

As 'n Boesman weer wild word.

OPMERKINGS:—Mnr. E. de Roubaix het hierdie verhaal ook aan ons gestuur. Dit handel oor twee awonture van oom Koos met Boesmans. Sy seun leef nog, en hy staan in vir die waarheid van die feite soos hier meegedeel.

DIT was in die jaar 1840. Boesmanland van Calvinia af tot na Grootrivier was toe nog baie woes, vol wild, ongedierte en Boesmans. In hierdie jaar onderneem oom Koos 'n rit te perd uit die Hantam van sy plaas naby Calvinia na Nylersdrif aan Grootrivier, alwaar 'n veepos van hom was. As 'n mens in daardie dae 'n reis met 'n wa vol kos en met sy roers daarop onderneem het, sou die onderneming nie so gevaarlik gewees het nie; maar begryp, oom Koos gaan te perd en ongewapen.

Die derde dag ná oom Koos van sy huis vertrek het, kom hy op die teenswoordige Sout-Dwaggas. Dit is 'n

onoorsienbare kaal vlakte, bedek met langbeen-boesmangras. Hy en sy perd voel albei baie moeg van die vermoeiende rit. Hy besluit om daar af te saal, te vernag, en om maar daar goed uit te rus tot vroeg in die oggend; dan meen hy weer voort te gaan. Ná hy afgesaal het, gee hy sy perd water in 'n kolkie en gaan toe sy getroue dier tussen die gras span. Hy het nog biskuit en biltong by hom gehad en het die droë bete lekker geniet. Daarna sny hy gras en maak vir hom 'n sagte bed, want die skemering begin toe al toe te slaan. Dit het hom nie lank geneem om op sy grasbed langs die kareedoringbos aan slaap te raak nie.

Ná hy omtrent twee uur geslaap het, word hy deur 'n geweldige geskreeu wakker. Hy lê nugter wakker en luister, want dit het vir 'n rukkie opgehou. Nie te lank nie, of daar kom dieselfde geluide van ,,hôgim, hôgim"—kompleet nes bobbejane wat daar skree. En dit nogal kortby oom Koos. Half verskrik en besluiteloos bly hy eers doodstil lê. Dog die geskreeu word al harder en woester. Vererg en boos spring hy op, om te sien dat hy deur 'n klomp Boesmans omsingel is. Hy word kwaad in plaas van bang te voel. Iemand wat in 'n groot gevaar gewees het, ken hierdie soort gevoel.

Hy roep ewe boos uit: ,,Maiskarries! waar is my perd?"

'n Terggelag van hulle maak oom Koos nog boser. Hy knyp sy oë toe, byt op sy tande vas en wou net met geweld vorentoe om 'n pad met sy vuis deur hulle te slaan—laat kom wat wil, dink hy.

Toe gryp een van die Boesmans hom aan die arm en roep uit: ,,Duusman, pas op 'n bietjie! Ek is T'konnie, wat van Duusman uit die Hantam weggeloop het. Toe Duusman die perd daar water gegee het, het ons naby gelê; en ek het Duusman somar geken. Die perd ons wil eet, maar Duusman ons wil nie doodmaak nie, as Duusman vuur gee en pad vat."

Oom Koos, wat hoegenaamd geen genade van die Boesmans verwag het nie, is nou woedend oor sy perd, verwonderd om die afgedankste T'konnie hier te sien, en bly dat daar kans is vir sy persoon om sonder liggaamsleed los te kom. Hy ken die Boesmans te goed en weet dat dit nutteloos is om vir die lewe van sy getroue perd te pleit. Hy gee toe sy tonteldoos en vuurslag aan T'konnie, waarop hulle in die duisternis verdwyn.

Aan slaap is nou vir oom Koos nie meer te dink nie, want hy moet nou verder voetslaan. Sal hy omdraai om hulp te gaan soek om die rowers agterna te sit? ,,Nee," dink hy, ,,wat sal dit help; want as die son môre opkom, dan het hulle reeds myle en myle ver die wêreld ingevlug en kan dan Byesteek-se-berg bereik het, of nugter weet watter plek anders."

So vinnig as hy planne maak, verwerp hy die een ná die ander. Hy besluit toe ten laaste om maar voet te slaan in 'n noordoostelike rigting na Sakrivier toe. Daar sal hy wel mense kry. Gelukkig dat Boesmanland kort tevore reën gekry het; dus was daar orals in die veld ope waters. Ook het hy by hom nog 'n paar stukke droë vleis gehad wat

die Boesmans, as 'n uitsondering op hulle gewone handelwyse, aan hom gelaat het.

Oom Koos sit toe sy reis in die woesteny voort. Die son oordags was baie warm; die hitte daarvan en die angs vir Boesmans in die nag, sonder om van ander gevare eens te praat, het só op sy senuweegestel gewerk dat hy afgemat en half buite sinne van die vermoeienis by Sakrivier aankom, alwaar hy twee trekke vind. Hier het hy uitgerus en het sy reis met 'n geleende perd na Nylersdrif voortgesit, waar hy eindelik veilig aangeland het; en toe was hy by sy vee.

Oom Koos was nie te lank op Nylersdrif nie, of 'n klomp van sy lammerbokke raak weg. Hy pak die ou geweer van sy kneg en stap die veld in om die bokke te gaan opsoek. Sodoende klim hy op een klipkoppie ná die ander om 'n ver blik oor die veld te kan werp; maar hy gewaar die bokke nie. Eindelik was hy al baie ver van sy veewerf af. Weer klim hy 'n koppie uit en sien hierdie slag 'n paar bokke teen 'n skurwe rand wei. Toe hy nader kom, raak die bokke opeens aan hardloop, en daar sien hy 'n paar Boesmans tussen rotsblokke inspring en wegkruip. Die roer was gelaai, en onverskrokke storm oom Koos die plek. Hy klim op 'n groot rots wat 'n diep skeur aan die onderkant het. Hy kon niks bespeur nie; maar net toe hy wou afklim, gons 'n pyl vlak voor sy neus verby. Dit verskrik oom Koos nog nie. Hy het gesien dat die pyl uit die klipskeur onder hom uitgekom het; dus trek hy hom terug, maak sy hoed voor aan die tromp van die roer vas en laat dit versigtig sak om die indruk te verwek dat dit hy is wat

in die skeur loer. Klaps! vlie 'n pyl deur die hoed. Maar op dieselfde oomblik was oom Koos klaar. Hy druk die tromp van die geweer diep in die skeur, los die skot, en hoor iets binnekant 'n geluid maak. Nou begin hy regtig te loer. Hy oortuig hom dat hy raak geskiet het; hy klim toe af tot by die skeur en sien dat hy een van die skurke doodgeskiet het. En dit was niemand anders as T'konnie nie. Maar die ander diewe was nêrens te kry nie.

So gaan dit. T'konnie het eenmaal die lewe van sy vorige baas gespaar; maar die twede maal wou hy dit nie doen nie—net soos 'n half mak Boesman is wat weer na die wildes teruggegaan het.

Al wat oom Koos van sy bokke teruggekry het, was net 'n paar; die ander was geslag en opgeëet.

No. 79.

Op 'n Skiettog, en wat te sien was.



No. 79.

Op 'n Skiettog, en wat te sien was.

OPMERKINGS:—Hierdie verhaal is aan ons meegedeel deur ds. W. S. Rörich, Kroonstad, O.V.S. Ons gee dit net soos dit aan ons meegedeel is.

OOM GERT G—— het hierdie ware gebeurtenis vertel:—

Ek meen dit was in die jaar 1860, en ek was toe al veertien jaar oud. My pa en oom Theuns het gaan jag noord van die Grootrivier, en ek moes gelukkig meegaan—waaroor ek baie bly was. Daardie skiettog het op my so 'n indruk gemaak dat ek dit nooit in die dag van my lewe sal vergeet nie. Daarom vertel ek nou alles net soos ek dit gesien en ondervind het.

Ons woon toe in daardie dae tussen Buffelsrivier en Port-Nolloth. Die enigste plek waar ons die Grootrivier kan deur, is omtrent anderhalfuur van die mond af: daar

loop hy mooi gelyk, met lae walle en 1,800 tree breed. Van Port-Nolloth af is daar vreeslik dik sand en duine. Dit neem tien flukse skofte om die rivier te bereik. Ons was met twee waens, elk met agtien knewels van osse bespan en voor ieder 'n Boesman as leier.

Dis gekheid om so 'n jag sonder Boesmans te onderneem. Ek wil amper beweer dat jy eerder jou roer tuis kan laat as sonder 'n Boesman daar oorkant te gaan skiet. Die Boesmans ken daardie wêreld op die punte van hulle vingers; en dan het hulle meer planne en uitvindsels as 'n mens hom ooit kan verbeel. Hulle kan baie ver en goed sien; dan, hulle ruik is goed, en verder kan hul baie fyn hoor. Beter as 'n patrys kan hul wegkruip en hulle versteek. Ook kan hul baie vinnig en op die aanhou hardloop, en daarby kan hul lank sonder kos en water bly. Ja, hulle weet vooraf waar daar êrens wild moet wees, en kan dit keer net soos hulle dit wil hê. Een ding moet 'n mens voor oppas, en dis dit: Voor jy jou Boesman uitstuur om wild te gaan soek, moet hy nie te veel te eet en te drink kry nie; want dan word hy lui, kry somar vaak en gaan vir 'n halfdag lê en slaap. Die beste plan is om hul oordags min kos en water te gee, maar voer hul saans goed : dan bly hul fluks en lewendig. Pas jy nie self dié maatreël toe nie, hulle ken geen maat in enige ding nie. Hoe meer jy gee, hoe meer wil hul hê; en verder mors hul alles op. Waarlik, 'n Boesman sal nie vir die dag van môre sorg nie; in hierdie respek is hul nes diere of kinders.

Ons het op ons waens gehad: twee grawe, twee byle, twee emmers, twee vate water; verder volop broodkos, sout,

en 'n groot pot. Daar oorkant is 'n woeste sandwêreld—net soos in die suidekant van Grootrivier. Langs die rivier op is daar bome, laagtes, en ook hier en daar klein bergies. Dit is eintlik die regte jagwêreld. Daar is gensbokke, volstruise, springbokke, koedoes en duikers, en so meer. Saans huil oom Wolf oor kos, en neef Jakkals probeer om lammers ná te blêr; maar regkry is net verniet—al het sy nasie al vir honderde jare geleer. Maar met dit alles het die twee baie planne om wild vas te keer. Hulle het dit net volop; maar die mooiste is om hulle kleinspan aan die kos te sien ruk en pluk. Dit geskied natuurlik nie sonder rusiemaak en baklei nie. Dan lê die oom en neef ewe hoogmoedig aan te kyk hoe hulle na-kroos hulle tande vir 'n ou dag oefen.

Ná 'n paar flukse skofte moes ons laer in 'n laagte trek; want daar in die rondte was baie wild, en die wêreld daar was baie geskik om te jag. Dit het die twee Boesmanleiers ons vooraf vertel.

In die jagveld is 'n mens heeltemal afhanklik van die Boesmans. As jy hulle taal nie kan praat nie, is jy heeltemal verlore. Gelukkig ken almal van ons wat op jag was, die Boesmantaal; want ons het dit as kinders by die kindermeide geleer. Baiekeer was ons in die jagveld alleen, onderwyl ons Boesmans weg was om wild te gaan opspoor; dan kom die wilde Boesmans op ons af om water of iets anders te vra. Ons kan dan goed met mekaar gesels, en ons vind dan baie dinge by hulle uit. Die nasie het vertroue in jou as jy hulle taal kan praat; anders is hul agterdogtig en sku vir dié wat hulle taal nie ken nie, en nog daarby skelm en vol draadwerk. Glo my vry, 'n Boesman is baie skelm;

maar dat hul onnosel is, moenie glo nie! As jy maar sien en let op die slim planne wat hulle maak om wild in die hande te kry, sal jou verstand stil staan.

Soos ons algar weet, is alle diere baie oplettend. As jy net 'n paar klippe op mekaar sit, of boomstompe oorkruis plaas, of bossies op die kop regop laat staan, dan sal die wild dit dadelik merk—al was hul nooit vroeër op die plek nie; en hulle gee altyd vir sulke plekke pad. Dit en nog meer weet die Boesmans te goed en weet daarvan gebruik te maak om hulle stukkie kos in hande te kry. Hulle beste wegkruipplek met hulle pyle en boog is die ope vlakte. Hulle grawe 'n holte diep genoeg om in te lê en wag daarin die wild af. Orals pak hul klippe of stawel bossies op mekaar om die wild in die rigting te drywe soos hulle dit wil hê; daarom is daar gewoonlik twee rye van hierdie soort verskrikkers wyd van mekaar om die wild tussendeur te laat kom. Dié wat die wild aankeer, loop ver om en kom langsaam nader om die wild nie te verskrik of te laat weghol nie. Dan kom die bokke stadig wei-wei aan. Die bossies en klippe is dan die oorsaak dat hul reg op die skutters afkom. Die skutters wag hulle kans mooi af om al hulle maats 'n kans te gee. Meteens word geskiet; en dit gebeur dat 'n man op een plek tot vier bokke doodskiet.

Dis nie die enigste plan van jag nie. Hulle vermom hul deur die vel van 'n bok om hulle lyf te trek, en dan stap hul op hande en voete. Of soms bind hul bosse om hulle lyf vas en kruip dan stadig nader. Soms is die bosse om hulle liggaam in so 'n vorm gebind dat die Boesman self na 'n groot bos lyk. 'n Ander plan is om die vel of

vere van 'n volstruis te gebruik en om dié om hulle lyf te bind, sodat die Boesman taamlik na 'n volstruis lyk. Daar is nog baie meer fyn planne wat hulle beraam om wild in hande te kry; maar dit sal te lank neem om algar te vertel. En tog verseker die Boesman ons dat dit baie moeilik gaan, met al die slim planne, om wild in die hande te kry; want die wild word minder, daar hul deur die jagters—wit en swart—doodgeskiet of verjaag word.

(*Hierdie verhaal word vervolg onder No.* 80.)

No. 80.

Nog meer oor die Skiettog.

No. 80.

Nog meer oor die Skiettog.

OPMERKINGS:—Hierdie verhaal is 'n voortsetting van die vorige (No. 79).

DIE Boesmans glo vas dat die diere met mekaar kan praat en dat daar mense is wat hul in diere kan verander, en diere wat hul in mense kan verander—net na hulle lus kry. Hulle glo sterk in towery en is baie bang vir spoke.

Maar laat ons weer tot die jagtog terugkom. Ons het binne 'n week waarlik twee stywe knapsakke vol pluime van volstruise gehad; verder het ons geskiet: vier groot gensbokke, drie koedoes, tien springbokke, en 'n lot duikers; ook het ons 'n menigte volstruiseiers versamel .... en 'n leeuvel.

Daar het ek gesien hoeveel 'n Boesman kan eet en drink. Dit het soms gebeur dat ons 'n twintig wilde Boesmans by ons gehad het om te help met die jag en afslag. Daarvoor, as vergoeding, kry hul al die beenvleis en die binnegoed. Die groot pot moet vroegtydig met water op die vuur staan. Solank hulle afslag, gaan daar stukke vleis in die pot; dit is skaars 'n paar minute daarin, of een haal dit uit en deel dit onder hulle in die rondte. Met net 'n paar koue sluk hul die vleis so smaaklik in, en netnou

is daar alweer ander vleis klaar om te eet; en so hou dit aan tot ons biltong kan sny. Daarna begin hul weer met die binnegoed, die los vleisies en murgbene; die sagte bene word gebraai en opgekou. En as hul klaar is, lê net die skoon bene daar in die rondte. Eendag het ons twee volstruise geskiet. Dit was toe 'n aardigheid om die klomp Boesmans te sien te kere gaan. Hulle het die halwe nag deur geëet; en die anderdagoggend hoog sonuit lê die hele boel nog te slaap. Party se mae was so vol van die half rou vleis dat hul skaars orent kon kom of bly staan.

As hul baie dors is en jy gee hul water, dan drink 'n groot Boesman 'n taamlike emmer vol water dol leeg. Ons het dit eendag probeer met 'n jong en sy meid met hulle kleintjie van omtrent 'n jaar oud. Die kleintjie alleen het goed twee bottel water uitgedrink. Jy kan bepaald sien hoe sy maag swel by elke sluk. Maar toe hy klaar gedrink het, gaan hy lê—so dik as hy was. As hul so geëet en gedrink het, dan kan, ja, *moet* hul vir dae so bly. Arme goed!

As hul 'n stuk of wat grootwild skiet en daar is nie baie eters nie, dan eet die paar wat daar is, tot hul nie meer kan nie; dan gaan hul slaap, om oor 'n ruk daarna die etery weer voort te sit. Die plesier bestaan dan uit eet, slaap, en dans in die nag. In die somer word die vleis gou sleg en kry spoedig 'n bedorwe ruik; en dan kom nog daarby dat oom Wolf en neef Jakkals hulle snags goed aan die vleis help. Dit alles beteken by 'n Boesman niks; en solank daar maar nog 'n ietsie is, hou hul aan. Om hulle dors intussen

te les, suig hul die maagsappe van die wildstuk deur 'n rietjie—wat natuurlik vir ons witmense baie walglik lyk.

Hoor tog hoe ons aan die leeuvel gekom het!

Dit is 'n bekende feit dat as 'n leeu oud word, dan word sy tande baie sleg; en dan kan hy nie meer so goed wild vang nie. Hy word dan 'n menseter. Menige Boesman of sy vrou of sy kind het die slagoffer van so 'n leeu geword; want Boesmans, as hul slaap of so, is makliker om in hande te kry as die wild wat gedurig onrustig en waaksaam is.

Een van die Boesmans het geweet waar sodanige leeu te vinde is. Hy vra toe 'n ou broek en baadjie van my pa. Toe hy naby die plek was, stop hy die klere vol gras en bossies, sodat dit lyk of dit 'n regtige manspersoon is; hy plaas toe die opgestopte man onder 'n boom en laat die jagters bo in die boom met hulle gewere klim. Hy self stap toe na die plek om die leeu op te soek. Dit geluk hom om die leeu gou en daar naby te vind. Nou sal jy jou verwonder hoe listig die Boesmans die leeu na die boom toe lei waar die graspop staan en waar die jagters vir hom afwag.

Dit het nie lank geneem nie, of die leeu sien die pop; hy bekruip dit, en daarop word dit deur hom bestorm. En net toe hy besig was om die pop te pak, gee my vader die leeu 'n doodskot; en hy was toe ons syne. Dit was toe 'n groot vreugde; want ons was bly om die vel en naels te kry, en die Boesmans was in hulle knoppies om te weet dat hul een vyand minder het, en ook om die vleis te kry.

Ja, dit gaan gouer om die storie te vertel as om die gebeurtenisse deur te maak.

Ek het 'n Boesman wel goed geken, maar daar in die vrye natuur het ek baie meer van sy doen en late geleer. Dis wel 'n groot wonder dat in ons tyd daar nog sulke mense op aarde is—wesens wat hul partykeer kan gedra soos mense en plek-plek weer soos redelose diere.

No. 81.

'n Kommando teen Boesmans.

No. 81.

'n Kommando teen Boesmans.

OPMERKINGS:—Hierdie verhaal is deur ds. W. S. Rörich aan ons gestuur en beskryf die aanleiding tot die veldtog en die voortsetting van die beleg van die vesting van die Boesmans.

OU oom Andries B——— vertel hierdie verhaal:—

Ek was skaars sestien jaar oud, toe kom daar berig van die dorp Piketberg dat ons maar self 'n kommando moet vorm om die Boesmans te gaan vang of skiet; want die Goewerment kon ons daarmee nie help nie. My oorlede vader was toe net veldkornet van ons wyk, distrik Namakwaland. Ek moes toe orals rondry om die burgers op te kommandeer om deel aan hierdie veldtog te neem. Die volgende week vertrek die kommando na Boesmanland toe. Die trek het uit verskeie waens met kos, kooigoed, gereedskap, en nog ander benodigdhede, soos ammuniesie en roers, bestaan.

Die Boesmans het in die laaste tyd in daardie dae baie astrant geword. Hulle kom met klein klompies en ja voor die neus van die wagters klompies vee weg. Vandeesweek is dit hier, en ander week is dit weer daar; so is een plaas ná die ander stilletjies en onverwags verras en beroof, en wel op so 'n skelm manier dat 'n witmens hul nooit sien nie. Dit het van kwaad tot erger gegaan, sodat die rowery nie

meer kon toegelaat word nie; en ons moes maar met toestemming van die Goewerment trag om 'n einde aan die strooptogte te maak. En ons het dit vir 'n tyd reggekry.

Ons het by ons 'n paar mak Boesmans gehad wat by ons groot geword het; hulle was in my tyd al groot volk en het die name van Geswind en Volmink gehad. Hulle was baie getrou in hulle diens en fluks daarby. Pa stuur hul nakend en gewapen met pyle en boog vooruit om uit te snuffel waar die trop wilde Boesmans hou. Om hierdie rede moes hul vir hulle ook as wilde Boesmans voordoen, alles uitpluis, en weer kom vertel; dan kry elkeen daarvoor 'n jong vers as beloning.

Toe ons by Namies al verby was—ek meen dit was die sesde dag ná ons vertrek—, toe kom ons twee spioene die aand terug. Hulle was waarlik vaal van die honger; want hulle kon nie met al die soorte kos van die Boesmans klaarkom nie, en hul moes ook baie hardloop om weer veilig te wees. Hulle bring die berig terug dat die wilde Boesmans skuil in 'n spelonk onder 'n krans in 'n klipkoppie. Ons ruk toe met alle mag op daarheen. Die plek was nie alte ver van Grootrivier af nie; dus kon ons genoeg water kry as die affêre lank mag duur.

My pa verdeel die 200 man in twee afdelings: Die een afdeling moet ver omry en die kop van Grootrivier se kant af nader; die ander moes van die suidekant opruk, waardeur die kop omsingel word. Onderwyl kom sommige van ons jongkêreltjies en volk met die waens aan. Ons trek toe omtrent 'n 500 tree van die kop af in laer. Daarop word

'n soort van krygsraad gehou om 'n werkplan vas te stel, sodat elkeen kon weet wat te doen en wat nie te doen nie.

Aan die westekant van die koppie was 'n krans met die klipgate daarin; aan die oostekant om en suid was die koppie ru en met groot ysterkliprotse bestrooi; laer op die voet was dit met doringbossies begroei. In daardie hol krans was na skatting 'n sestig Boesmans woonagtig.

Die krygsraad kom tot die besluit dat die enigste manier om die Boesmans in hande te kry, is om die koppie nag en dag met wagte te omsingel en sodoende hul met honger en dors tot oorgawe te dwing.

Dit is 'n bekende feit dat 'n Boesman in 'n geveg nooit te voorskyn sal kom nie: sy wapens van verdediging is nie daarna nie; want hoe ver kan sy boog en pyl skiet? Daarom moet hy sy vyand naby laat kom om hom met 'n betreklik stomp harpoen die doodskot te gee. En dan besit hy hiervoor so baie fyn planne. Ook as 'n Boesman nog maar net een gifpyl in hande het, dan is hy nog gevaarliker as die giftigste slang. En misskiet—! Dit doen en kan hy nie.

My oorlede vader sorg toe dat omtrent twintig wagte die kop gedurig omsingel en bewaak. Hulle word natuurlik op gereëlde tye deur andere afgelos; dus was dit haas onmoontlik vir die Boesmans om in die dag of nag te ontvlug. Maar wat hul gedoen het, sal ons later hoor.

Daar was gelukkig baie vyeboshout om gedurende die nag die groot vure aan gang te hou; en dit was die werk van ons jongspan om hout aan te dra en water uit die Grootrivier aan te ry. Verder gaan ons jag; want daar was 'n menigte duikers, steenbokke en patryse. Ek alleen het in

daardie tyd ag duikers geskiet, en praat nie van die menigte wat my maats omgekap het nie. Dit het toe eintlik my werk geword om duikerboudjies in te sout en droog te maak. Ek het later goed 'n vyftig drooggemaakte wildsboudjies om huis-toe te neem.

Dit was vir my 'n baie lekker tyd daar—ek kan amper sê die lekkerste tyd wat ek op 'n vreemde plek deurgebring het.

Die omsingeling duur langer as ons verwag het; dus het die grootmense ook met hulself opgeskeep geraak; want hulle kry niks anders te doen as pyp-rook, pruim en koffie-drink nie. Later het dit op hoog- en vèrspring uitgeloop; verder was dit resiesloop, jukskei-gooi, tou-trek, en nog meer ander speletjies. Die tyd is ook nog kort gemaak deur stories te vertel, en wel soms daar waar gerook en koffie gedrink word, of saans om die veldvuurtjies. Toe kon 'n mens stories van die ou dae hoor—stories wat al amper vergeet was. Ja, sulke tye maak 'n wonderlike indruk op 'n mens: jy hoor stories wat jou bybly tot die laaste dag van jou volle verstand. 'n Baasspelerige man word jou vyand, en daar maak jy by sulke geleenthede vrinde wat jy nooit weer vergeet nie, en wat jy miskien nooit weer sien nie.

Maar wat die wonderlikste van die hele gedoente is, is die stilte wat daar onder die hol krans heers. 'n Mens hoor geen kind huil of skree nie. En as die twee spioene nie die versekering gebring het dat hulle (die Boesmans) daar is nie, dan sou niemand geweet het dat hul wel deeglik daar is nie, en wel ten getalle van ongeveer 'n sestig. En dis lig te begryp dat die vraag oor en oor gestel is: ,,Maar waar is hulle? Hoekom sien ons niks nie?''

(*Word vervolg onder No.* 82.)

No. 82.

Hoe daardie Veldtog geëindig het.

No. 82.

Hoe daardie Veldtog geëindig het.

OPMERKINGS:—*Hierdie verhaal is die vervolg van die vorige* (*No.* 81).

DIE vierde dag is die stilte gebreek. Drie skote val tegelyk. Almal gryp na hulle roers en roep uit: ,,Wat is dit? Het julle Boesmans gesien?''

Die wagte wat geskiet het, vertel dat hul Boesmans onder die krans sien uitloer het, dat hul gelyk korrel gevat en gelyk geskiet het; en hulle meen dit moet raak wees, daar hul te goed korrel gevat het.

Van toe af word alles eens so stil—geen geluid of stem word daar in die koppie gehoor nie. Ons mense word toe al meer en meer onverskillig en stap toe al 'n honderd tree voor die krans perdgerus verby; want hulle word aan daardie rustigheid onder die Boesmans gewend. Ja, sommige begin toe selfs al te praat om maar terug huis-toe te gaan, daar dit bitter vervelig word om aldag net na die dooie kranse te kyk sonder om iets te gewaar.

Die volgende dag kom daar weer 'n afwisseling. Hierdie slag het twee Boesmans onder die krans uitgespring, tussen die groot kliprotse ingevlug, en daar nes dassies verdwyn. Toe dreun dit soos geskiet word; maar geeneen weet of dit raak is of nie.

Die sesde dag maak ons mense plan om die kop te storm. Maar hoe in die naam van moontlikheid gaan ons dit doen? Want die groot rotsblokke lê so deurmekaar teen die koppie dat ons plek-plek gebuk moet loop, dan weer op hande en knieë gaan, en enkele plekke gladenal op ons maag moet seil. En hoe sal die Boesmans dan nie met ons werk nie?

Toe gee my pa order om groot dragte bossies in bondels van ses voet lank en so hoog as 'n tafel vas te knoop. Drie man moet dan agter so 'n bondel gaan lê en dit na die krans voortrol. Durf iemand waag om net effe bo-oor die bondel te loer, dan gons die pyle op daardie drag hout, en hy moet net rats wees om sy kop gou weer terug te trek en te koes; want geen enkele pyl gaan oorheen nie. Mensig, so 'n Boesman kan net skiet! As jy die boogsnaar hoor klink, dan klap die pyl hier by jou in die bondel hout. Lig jy jou hoed met 'n stok hoër as die bondel, dan klap die pyle daarteen.

Hierdie plan met die dragte bossies was om die Boesmans te noodsaak om hulle voorraad van pyle op te skiet, en was 'n pure krygslis.

En dit het amper 'n hele dag so aangehou. Ons mense begin toe al afgemat van honger en dors te voel; want hul was later so ná aan die krans dat niemand dit sou waag om vir hulle daar kos en water te gaan bring nie. Sommige begin uit te roep dat kramp in hulle bene hul beetpak.

Ons vind toe uit dat ons mense toe in 'n moeilike posiesie gewikkel is; want om met, of sonder, die bondels bossies

te retireer, val nie aan te dink nie. Ek sien toe dat ons mense werklik ten einde raad is.

Ek sê toe somar uit 'n grap: ,,Kan pa dan nie die koppie aan brand steek nie?''

,,My kleinjong, jy het nog die beste raad,'' antwoord hy.

Dadelik kom die orders dat ons dik wortels van droë vyebossies agter die kop moet omdra en dat die wagte gedurig in die krans moet skiet. Op dié manier kry ons kans om die stompe tot bo-op die krans reg bokant die gate te dra. 'n Paar begin 'n groot vuur aan te steek; en toe daar genoeg kole en brandende stompe was, stoot hul die brandende massa die krans af, en dit val vlak voor die gate. Verder stort hul nog meer brandstof af om onder 'n groot vuur te laat ontvlam. Daarop staan 'n 200 man 'n 150 tree van die gate af gereed om òm te kap wat nie wil oorgee nie.

Dit duur toe ook nie lank nie, of 'n klomp Boesmans bars deur die vuur, berg-af. Toe dreun dit soos die skote val. Een het die moed gehad om tussen die rotse deur te vleg en kom vry deur die wagte; want geen koeël kon hom raak nie, daar hy te gou en te rats was. Die vuur-maak het amper 'n halwe dag aangehou; die hitte en rookdamp moes straf gewees het.

Die volgende dag vra pa vrywilligers om die gat te storm. Dadelik was 'n hele klomp mans gereed en kom vorentoe. Maar pa kies toe net vier uit. Tien ander staan toe klaar om op die gate te skiet sodra 'n Boesman hom maar effentjies vertoon. Naderhand was die vier man vlak

voor die gat. Dit het tyd geneem om daar te kom, want die opklim en deurkruip het swaar gegaan.

Daar spring toe weer vier Boesmans by hulle verby, ook berg-af. Die tien man haal toe twee Boesmans neer; een glip verby en raak nes 'n groot speld tussen die rotse weg; en die ander het hul lewendig gevang. In die gat vind hul vier dood, wat gewond en ook deur die vuur gebrand was. Ons het dus van omtrent 'n sestig Boesmans net skaars tien dooies en een lewendige gevind.

Ons gaan toe verder die koppie deursnuffel en vind toe op sandplekke baie spore en handdrukke soos die Boesmans deur die wagte deurgekruip het—maar hoe en wanneer kan niemand verklaar nie.

Baie mense noem soiets Boesman-oorlog; maar ek noem dit Boesman-jag. En dit kan ek hier byvoeg: Ek ken leeu- en tierjag baie goed; maar ek verkies liewers tienmaal leeus en tiere te gaan skiet as om eenmaal Boesmans te jag. Want hulle is ook mos mense met verstand—hoe min dit ook al mag wees—, daar hulle die wonderlikste planne kan maak, waarvan 'n dier niks afweet nie. Op vyftig tree afstand is 'n Boesman 'n gevaarlike mannetjie; en wat hom nog gevaarliker maak, is dat hy geen genade verleen nie, en ook geen genade verwag nie. Ek moet erken dat ek vir 'n gewapende Boesman wat wegkruip, net baie bang is.

Dit was 'n naarheid om die dooies, en selfs die een wat ons gevang het, te sien. Hulle het 'n indrukwekkende vertoning met hulle vaal velle, gerimpelde gelaat en ingekrimpte maagvel gemaak. Ek sal die gesig nooit vergeet nie. En as hul vir hulle weer ooreet het, dan kan die maag-

vel weer so verbasend uitrek en styfspan. Wat iemand dadelik tref, is hulle muisoortjies, klein handjies, strykystervoetjies, peperkorrelhare, en die neusgaatjies sonder 'n behoorlike neus—ja, hulle hele liggaamsbou is wonderlik.

Ons het die Boesman wat ons gevang het, kos en water gegee. Die meeste van ons het die Boesmantaal geken en kon dus met hom praat. Later was hy tevrede om by ons te kom woon en het ingestem om met ons mee te gaan.

Omdat ek die raad van die vuurmaak gegee het, sê oorlede pa dat ek hom moet erf. Ek het hom toe by my geneem en het hom die naam van Vuurmaak gegee. Hy word toe baie aan my geheg, en hy het later een van my getrouste en beste volk geword. Ek kon altyd op hom reken. Hy is by my dood; en daar ons weens sy getrouheid aan hom so geheg was, het ons hom in die kerkhof begrawe.

By dié geleentheid het ons daar by die koppie baie boë en pyle opgetel en dit meegebring. Ons het die mooistes en bestes daarvan uitgesoek en Kaapstad-toe gestuur.

Ná ons die veldtog teen die Boesmans uitgevoer het, het die veediefstalle daar in die buurte vir 'n baie lang tyd opgehou; want soos ons later verneem het, het die Boesmans wat met hulle gesinne ontvlug en vrygekom het, oor Grootrivier die Kalaharie ingevlug en het hulle stof nie weer gou suid van Grootrivier laat waai nie.

No. 83.

Die Wraak van 'n Boesman.

No. 83.

Die Wraak van 'n Boesman.

OPMERKINGS :—Hierdie verhaal het oom Tys B—— ons in 1884 vertel.

DIT was in die ou dae toe die mense reeds op hulle plase woon. In Transvaal was nog baie Boesmans—vernaamlik op die Hoëveld en in streke waar nie Kaffers gewoon het nie. Verskeie gesinne het by die boere kom woon, en so was op my oorlede vader se plaas ook 'n paar huisgesinne. Die mansvolk het met die vee gehelp, en van die jong meide het ons in die huis gebruik.

Die witmense het maar nog dun die land bewoon; dus was ons bure omtrent 'n uur te perd van ons af. Een van ons bure het 'n uitgegroeide seun gehad, wat die hele boerdery van sy ou vader op hom geneem het. Sy naam was Koos. Hy het 'n groot aanleg gehad vir tuinmaak en om iets aan te plant. So was daar 'n fontein teen 'n lae skurwe randjie, en daar het hy 'n klipmuur gepak om daarin tuin te maak, soos b.v. die aanplant van groente, waatlemoene, en vroeë mielies om groen te eet.

Hy het al lankal gemerk dat sy tuin stilletjies besoekers kry; en dan word sy goed soms baie verniel, soos deur die stukkendsny van waatlemoene en wegdra van groen mielies. Maar wie dit is, kon hy maar nie uitvind nie, daar hy daar geen spore vind nie.

Eendag het hy weer in die tuin, omtrent 800 of 1,000 tree van die woonhuis af, gewerk; die son was warm, en hy wou eers 'n bietjie uitrus voor hy na huis vir sy middagete stap. Hy gaan onder 'n boompie in die koelte lê. Hy het daar nie te lank gelê nie, of hier klim 'n Boesman oor die tuinmuur. Koos wag sy kans af; dog die Boesman het hom te gou gewaar, en Koos storm hom. Die Boesman gooi met 'n klip na Koos, en met die wegkeer tref hy die baas op die linkerhand. Koos gryp toe ook 'n klip en tref die Boesman teen die kop net toe hy oor die muur klouter. Hy val anderkant, en die bloed stroom uit die wond; dog dit het hom nie 'n gedugte pak slae met 'n kierie gespaar nie.

Die Boesman het 'n rukkie gelê, maar staan toe op en stap die lae randjie uit; en toe hy bo-op staan, roep hy in gebroke Afrikaans uit: ,,Pas op vir jou waar ons mekaar kry.''

Koos het pyn in die hand en stap huis-toe.

Dieselfde agtermiddag kom oom Tys daar, en toe hoor hy wat plaasgevind het. Hulle almal het suspiesie op een van sy woon-Boesmans, en hulle besluit om die saak verder te ondersoek; want dis vir Koos nie veilig om in die veld rond te gaan solank daardie Boesman vry rondloop nie.

Die anderdagoggend vroeg was Koos volgens afspraak by oom Tys op die werf; hulle gaan na die Boesmanstatjie, roep a'gar, en vind toe uit dat dit nie een van hulle is nie, maar wel Boesmans wat nog wild in die veld rondloop. Dit maak die saak vir Koos niks beter nie: sy lewe bly maar in gevaar.

'n Week en nog 'n week het gekom en gegaan, en daar was nie die minste teken van onrus nie. Maar een namiddag het Koos se span trekosse onopgemerk opsy gegaan, en teensteaand—voor sononder—kom een van Koos se volk en sê dat 'n klompie Boesmans met die osse voortgegaan is.

Soos 'n geluk by 'n ongeluk soms opdaag, het dieselfde dag 'n stuk of tien burgers bymekaargekom om ook Boesmans op te spoor wat skape van 'n ander buurman weggevoer het. Koos saal sy perd op en ry na die plek toe en kom laat die aand by die plaas aan waar die gewapende burgers is; hulle was gereed om die volgende oggend te vertrek, daar die diefstal van osse makliker is om uit te vind as van kleinvee. Die oogmerk van die onderneming was die vang van die diewe.

Hulle neem toe van die mak Boesmans mee om spoor te hou. Ná die hele voormiddag te gery het, kom hul op 'n plek waar daar baie randjies, klowe en kranse is. Hulle sien van die osse in die verte wei. Dog voor hul op die plek was, het die Boesmans al die osse met gifpyle doodgeskiet. Van die Boesmans het hul net een 'n houtbossie sien inhardloop.

Wel, geen verstandige mens sal daaraan dink om Boesmans in sulke gramadoelas te gaan opsoek nie. Daar lê die osse almal dood, en met gifpyle geskiet; geen witmens sal nou daarvan eet nie. Die kommandotjie draai om om raad te gaan hou en planne te maak. Hulle het tot die besluit gekom om van hulle Boesmans te stuur om die woonplek van die Boesmans te gaan opsoek. As hul daar kom, moet hul ook maak of hulle aan vlug is, en dan moet hul die praatjie

versprei dat die Boere en Kaffers met honde en wat nie al nie 'n groot kommando opmaak om hul te omsingel en uit te moor.

Die mak Boesmans het hulle werk goed gedoen; want die ganse pakasie is in aller haas gevlug, en, na vertel word, het hul in die rigting van die Lydenburgse berge getrek; dog niemand het met sekerheid kon sê waarheen hulle gegaan was nie; maar daar het stilte en rus in die ou buurte gekom.

'n Paar jaar het so verbygegaan sonder enige las van Boesmans. En in een van die winters het Koos met sy vee die Bosveld ingetrek om daar onder êrens langs Olifantsrivier te gaan staan. Oom Tys het toe ook saam Bosveldtoe getrek en het nie ver van Koos se staanplek sy veewerf gemaak nie.

Eendag was Koos in die veld om 'n bokkie te gaan skiet. 'n Heuningvoël kom hom teë, en Koos volg die voëltjie om te gaan kyk waar die bynes sit. Die voëltjie lei hom na 'n randjie, wat maar laag, dog steil aan die agterkant is. Hy haak die ryperd aan 'n boom aan die voet van die randjie vas en volg die voëltjie, wat toe al begin te kloek, 'n teken dat die bynes hier naby is.

Op die randjie kon Koos die bye agter groot rotse hoor gons. Toe hy om die rotse kom, staan hy so te sê bors aan bors met die Boesman wat hom die dood voor die oë geskilder het. Daar hy moes rondklouter, het hy sy geweer by sy perd agtergelaat.

,,A, nou het ek jou! Het ek nie vir jou gesê om uit my pad te bly nie?'' roep die Boesman in triomf uit.



„HY PAK DIE ASGAAI UIT DIE HAND VAN DIE BOESMAN EN DRUK HOM OOR."

Hy het nog 'n maat by hom gehad; maar met die oopbreek van die bynes het 'n stuk rots losgebreek en op die maat se voet geval, en hy sit daaraan in smarte te dokter. Hulle pyle en boë lê daar op die grond, en die bekende Boesman staan met 'n Kaffer se steekasgaai klaar.

,,Kom, trek jou uit, nakend, dat ek vir jou met tyd kan moor,'' sê die een in gebroke taal toe hy die asgaai reg vat in sy hand.

Die gewonde Boesman sit sy pyle en boog klaar, net om te vat en te skiet.

Koos was lam geskrik; maar hy vererg hom oor die brutaliteit, en hy herwin daardeur sy teenwoordigheid van gees en maak of hy sy klere los knoop; maar dit is net om plan te maak, want daar is twee gevaarlike vyande wat gereed staan. Die een met die seer voet bly sit, want hy kan sittende net so goed as staande skiet.

,,Toe, toe, moenie nog so lank maak nie!'' roep die wraaksugtige Boesman weer in gebroke taal uit, en hy steek met die skerp punt van die asgaai in die dik vleis van Koos om hom haastig te maak.

Koos draai hom dat hy die twee in 'n lyn met hom het, en meteens roep hy uit en wys oor hulle koppe heen: ,,Hier is hulle; toe skiet!''

Die twee kyk waar Koos wys. Met die uitroep van die woorde pak hy die asgaai uit die hand van die Boesman en druk hom oor dat hy op die gewonde val, want albei het toe ander pad as na hom gekyk. Gou steek hy albei dood eer hul hom iets kon doen.

Ná hul twee dood was, het Koos vir oom Tys gaan roep en gevra wat te doen. Ná oom Tys alles deurgekyk het, het die twee belowe om nie 'n woord daarvan te praat nie. En noudat Koos dood is, vertel oom Tys die ware gebeurtenis; en niemand blameer Koos vir moord nie.

No. 84.

Boesmans by Chrissiesmeer.

No. 84.

Boesmans by Chrissiesmeer.

OPMERKINGS :—Die verhaal omtrent die opspoor van die Boesmans is aan ons deur oom Louw P—— en sy vrou vertel.

CHRISSIESMEER is geleë in die Ermelo-distrik, Transvaal, en is die grootste pan of meer in Suid-Afrika. Daar het in die vroeër dae baie Boesmans in die nabyheid gewoon, en vandag nog word daar Boesmans op die boerplase aangetref. Hulle is nou natuurlik mak en is in die diens van die mense daar.

In 1883, toe ons vir die eerste maal met Transvaal kennis maak, het nog oor die hele Hoëveld op baie plase Boesman-huisgesinne gewoon. En vandag tref ons hul haas nie meer aan nie. Dood of uitgemoor is hul nie; maar baie, of die meeste meide is met Kaffers getroud, terwyl Kaffermeide so nooit 'n Boesman vir 'n man wil hê nie. Maar tog is daar nog hier en daar Boesmans wat Boesmanmeide vir vrouens het.

Die Transvaalse Boesman, net soos al die ander van hulle nasie, het baie skade onder die vee van die Kaffers en later weer van die Boere aangerig. Oor hierdie slegte gewoonte van hulle is hul hier, net soos maar op ander plekke, aanmerklik uitgedun.

Oom Louw vertel dat in die ou dae daar by hulle by Chrissiesmeer baie Boesmans gewoon het; almal het op die boerplase gewoon, behalwe wildes, wat in die klowe in die rigting van Swasieland gevestig was. Die Boesmans het toe nie meer met gifpyle geskiet nie. Dis miskien daaraan toe te skrywe dat hul die gif nie hier kon kry nie, of dat hulle base hul dit ten strengste verbied het om met gifpyle te jag. Daarom het hul wild met wippe, strikke, maar meestal met vanggate in hande gekry. Hulle het die gewoonte gehad om skerp penne onder in die vanggate só te plaas dat as die wildding daarin val, die pen dan in die ingewande van die gevange dier steek. Die vanggate, en ook die wippe en strikke vir wild, het later 'n gevaar vir die vee van die boere geword; dus moes die Boesmans dié soort liefhebbery ook opgee. Hulle is toe met dwangmaatreëls gebinde om meer beskaaf te wees—tenminste, om net soos die Kaffers op die boerplase te lewe. Hieraan het die Boesmans gou gewend geraak; en hulle het so handig geword om met vee, met ploeë en wa-drywe om te gaan as enige Kaffer sou dink om te kan doen; net swaar liggaamswerk kon hy nie verrig nie.

By 'n sekere geleentheid in daardie dae was daar Nagmaal, en al die bure het kerk-toe gegaan. Ná hulle teruggekom het, vermis een van die bure sewentien van sy skape. Hy het orals in die veld rondgesoek, maar vind hulle nie; en die mense kry suspiese op die wilde Boesmans wat aan die bopunt van die Soetoerivier woon. Ná noukeurige ondersoek ingestel te hê, word hul in hulle vermoeding gesterk.

Die veldkornet roep toe van die burgers op om die diewe te gaan vang en om die Boesmåns se vesting langs die Seotoerivier te gaan vernietig.

Toe hul op die plek kom, sien hul klein mielietuintjies en bemerk somar dat dié nie van Kaffers was nie; want die landjies was baie klein, en bowendien woon daar toe ook geen Kaffers in die hele nabyheid nie. Hulle omsingel die tuine en vind daar twee jong Boesmans in wat daar weggekruip het. Van hierdie twee het die veldkornet alle informasie gekry wat hy nodig gehad het; en die twee erken dat hulle skape gesteel en algar saamgeëet het, maar vertel dat die twee diewe verderaf langs die rivier woon. Die veldkornet gebied hul om die plek te gaan wys. Ook hierdie plek word omsingel, en sonder baie moeite of enige geveg gee al die Boesmans hul aan die veldkornet oor. Hulle kry die versekering dat daar nie meer Boesmans is nie.

Die veldkornet het die twee diewe aan die poliesie oorhandig; maar die ander wat algar medepligtig was aan die eet van die vleis, het hy nie tronk-toe gestuur nie, maar hul die kans gegee om by die boere op die plase te gaan woon. Hulle het toe hulle base gekies, of die base het vir hulle gekies; en so is hulle verdeel en die diewenes opgebreek.

Die boere het hul toe in diens geneem en goed kos gegee, nes aan hulle ander werkvolk. Maar dit was te wonderlik watter soort veldkos hul nog gaan by soek het. Die meide neem stokke, druk dié in horings met skerp punte, steek die stok dan deur 'n ronde klip met 'n hol gat daarin, en grawe daarmee euntjies en ander wortels. Of hul neem 'n krom horinkie, druk dit aan die voorpunt van 'n stok, en ert

daarmee wurms op wat deur hul as 'n lekkerny beskou word.

Daar was in daardie dae volop wild, en die mense het gereeld vir hulle eie gebruik en vir hulle volk geskiet; dog die Boesman, so klein as hy is, eet meer as die groot volk en is nie versadig voor en aleer sy maagvel soos 'n tamboer staan nie.

Daardie Boesmans het net 'n kort tyd by die mense gebly, en op een en dieselfde dag is hulle spoorloos verdwyn—en nugter alleen weet waarheen.

No. 85.

Kalmte in gevaar is die beste Raadsman.

No. 85.

Kalmte in gevaar is die beste Raadsman.

OPMERKINGS:—Hierdie verhaal is aan ons meegedeel deur die man wat die betrokke seun in die gebeurtenis was. Sy ouers het in later jare in Transvaal gewoon.

KORT ná die burgers van die Vrystaat op hulle plase gaan woon het, het die volgende gebeurtenis plaasgevind.

'n Man en sy vrou—albei nog maar sowat sewen-en-twintig jaar oud—het uit die Oostelike Provinsie van die ou Kolonie na die Vrystaat toe getrek. Hulle het 'n seuntjie van drie jaar en 'n dogtertjie van 'n jaar oud gehad en gaan toe êrens in die Vrystaat woon.

Hulle het 'n Boesman gehad wat met hulle saam opgegroei het. Hy was so vertroubaar as een van die famielie. Hy was dan ook, so te sê, die regterhand van sy jong baas en het vir sy perde, melkkoeie en ander goed op die werf gesorg.

Eendag moes sy baas onverwags op besigheid na Bloemfontein toe en sou twee dae en twee nagte moet uitbly. Daar was niemand anders op die plaas nie as Oortjies (dit was die naam van die Boesman) en sy twee Basoetoe-veewagters, wat snags by hulle strooihuise, 'n goeie ent van die werf af, slaap. Daar het wel 'n publieke pad by die werf

verbygegaan, maar tog was daarlangs nie so 'n groot gery nie.

So het die man met sy vertrek aan Oortjies al die werkies opgedra en hom mooi vertel dat die nôi hom verder sal sê wat hy moet doen as daar iets noodsaakliks mag voorval. Daarop vertrek die man Bloemfontein-toe.

Volgens afspraak tussen man en vrou, moes Oortjies gou oor hardloop om die oudste broer van die vrou te gaan vra om vir die paar dae self oor te kom of om sy seun te stuur, daar die vrou anders onbeskermd en alleen op die plaas sou agterbly.

Oortjies het gegaan en kom ná sononder terug met 'n boodskap waaruit sy nôi kop nog stert kon maak. Die ware toedrag van die saak is: Oortjies was nooit op die plaas van die broer nie, daar hy ander planne gehad het, nl. om die geld van sy baas te roof en daarmee te vlug. Hy het al in die laaste maande nie meer so fluks gewees as sy baas en nôi van hom gewoond was nie. Daardie aand het hy ook die diere op 'n *manier* versorg en het sy ander werkies halfhartig en half verrig.

Dit neem nie lank vir 'n vrou om 'n ding raak te sien nie; maar om kalm onder sulke omstandighede te bly, is glad 'n ander ding. Maar sy was van dié soort wat kalm *kan* bly, en daarby was sy fris gebou. Sy slaan ieder beweging van die Boesman gade, maar laat egter niks merk dat sy baie onrustig voel nie.

Sy sê toe aan hom: ,,Oortjies, jy moet buite alles mooi reg hou, want nou is jy op die werf baas; moenie dat daar iets verkeerd wees as die baas tuiskom nie!''

Dadelik werp hy teë: ,,Ek is nou nie alleen baas op die werf nie, maar ook in die huis. Nôi en die kinders kan vannag in die vry kamer gaan slaap, en ek wil in my baas se veerbed gaan inkruip.''

Hierdie woorde rol soos stukkies ys agter haar rug af; dog sy laat nie die minste teken van ontsteltenis op haar gesig toe nie: sy gaan maar haar gewone gang en maak net plan. Sy gee haar kinders vroeg kos, sodat sy haar ook vroeg met hulle in die kamer kan opsluit om vry van die Boesman te wees. Sy neem die geld ongemerk uit die slaapkamer en steek dit by haar in die vry kamer weg; ook het sy die handbyl met haar in die kamer geneem.

Hy het die baas se pyp en tabak gevra en 'n lang vetkers en is daarmee na die slaapkamer gegaan, en hy trek die deur agter hom toe. Die vrou het op die daad in haar kamer gegaan; sy sien hoe lief haar twee kinders slaap, en gee ieder 'n paar hartlike soentjies. Sy trek haar nie uit nie, en laat haar kers brand; onderwyl bly sy in 'n leuningstoel sit. Haar hart klop in haar keel, en verwarde gedagtes rol oormekaar deur haar kop; maar sy neem haar vas voor om kalm te bly, om nie 'n verkeerde stap te doen nie. Sy hoor hoe Oortjies in haar slaapkamer te kere gaan om kiste en katels heen en weer te trek en te stoot. Sy het daar niks toegesluit nie, anders sou Oortjies alles flenters gebreek het. Tot die wa se voorkis, waarin die geld en ander waarde gesluit was, is oop; al die waarde is nou by haar in die kamer waar sy en haar twee kindertjies is. Die kinders word van die rumoer nie wakker nie, maar slaap lief en lekker.

Die rumoer word stil, en sy kan hoor dat die Boesman hom op die katel neergooi—om te rus, om planne te maak, of om te rook. Sy kry meteens 'n gril! Sy het al die voorsorg geneem en tog het sy die geweer in die eetkamer vergeet! Maar 'n mens kan in so 'n benoude tyd tog nie oor alles dink nie. Sy stap na haar deur toe en kyk nogmaals of dit goed gesluit is; daarna ondersoek sy die venster en druk die skuifie so vas as maar kan.

Die Boesman staan toe van die bed op en kom na haar deur toe en roep op 'n soebattoon uit: ,,Nôi, moenie bang wees dat ek vir jou en die kinders sal vermoor nie; ek wil *net* die geld hê—verder sal ek jou nie pla nie.''

,,Toe, Oortjies, loop slaap! Moenie by my kamerdeur kom lol nie; ek is moeg en wil ook slaap. Netnou maak jy die kinders wakker, en dan sit ek met hulle opgeskeep.'' Dit sê sy om haar grote angs te verberg. Dog sy begin al hoofpyn te kry van al die ontsteltenis.

Dit lyk toe of hierdie kalm antwoord vir Oortjies laat dink het, want hy stap weer terug en gaan op die bed lê en prakseer. Maar sy wilde natuur por hom aan, en hy spring op om die vrou hierdie keer met dreigemente die skrik op die lyf te ja, en hy stamp aan haar kamerdeur en roep uit: ,,As nôi nie nou die deur oopmaak en die geld vir my gee nie, dan gaan ek die byl haal en kap die deur oop en vat al die geld. Ag nôi, toe gee my 'n handvol geld; die ander kan jy maar vir julle hou.''

Daar kom geen antwoord nie, en Oortjies stap na die kombuis toe om die byl te gaan haal; maar toe hy dit daar

nie vind nie, kry hy die roer in die eetkamer en wou met die kolf daarvan die deur oopstamp.

Toe roep die vrou uit: ,,Ek het die handbyl hier; en as jy durf jou kop in my kamer insteek, dan splyt ek dit middeldeur.''

Oortjies ken sy nôi en weet dat sy doen wat sy sê; dus het hy sy planne opgegee, het die roer, kruit en koeëls gevat en het daarmee die vlug geneem en is tot vandag nog weg.

Maar dit het die vrou in die toegesluite kamer nog nie geweet nie.

Dit raak toe doodstil in die huis. Dit was 'n platdak-huis met 'n laag brakgrond op die dak om die water uit te hou; dus is daar geen kans om van een kamer na die ander oor te klim nie. Die gevaar is dat hy deur die venster en deur met die geweer op hulle kan skiet. Sy maak 'n bed in die hoek van die kamer, tel haar slapende kindertjies op en lê hul daarop neer, en sy gaan naas hul op die kermis-bed lê en luister en wag op wat gaan gebeur.

Die stilte duur voort. Eers kon sy nie slaap nie, maar sluimer later tog in, want die Boesman moet tog eers 'n rumoer maak eer hy kan inkom.

Die oggend toe die son uitkom en die twee Basoetoe-wagters die vee kom haal, het sy maar stilgebly, om verder gevaar af te weer. Toe hul in die veld was, het sy die huis toegesluit en met haar twee kinders na die plaas van haar oudste broer gevlug.

Maar hoe 'n vlug was dit? Sy moes 'n uur te voet die jongste kind van 'n jaar oud dra, en plek-plek die kind van drie jaar ook. Die twee onskuldige kinders het toe glad

nie geweet of verstaan dat dit 'n vlugtery was nie, want hul het die hele nag soet deurgeslaap; die jongste een het wel tweemaal in die nag wakker geword om melk te drink, maar het dadelik weer aan slaap geval sonder eens te weet in watter angs hulle arme moeder verkeer het.

No. 86.

Veg Boesmans ook onder mekaar?

No. 86.

Veg Boesmans ook onder mekaar?

OPMERKINGS:—Ons maak hier kennis met 'n heel interessante ou skepsel, outa Bles, wat tussen tagtig en neentig jaar oud was.

DIT was in die jaar 1882, toe sit ons een aand ná sononder op ons stoep op Calvinia. Onderwyl stap daar 'n ou Boesman voor die deur verby. Sy sonderlinge postuur en houding tref ons, en ons slaan noukeurig ag op hom. Hy merk dit, groet, en hy stap nader en vra 'n pruimpie tabak. By dié geleentheid vind ons uit dat hy ons baie van die Boesmans kan vertel. Hy was daar op kuier by vrinde. Ons het hom nie alleen tabak, maar ook 'n stuk kos gegee en hom versoek om ons te vertel van die ou dae. Hy vra toe 'n slaapplek in die agterplaas; dus het ons genoeg geleentheid gehad om met outa Bles te gesels.

Op vrae wat ons af en aan gestel het, vertel hy ongeveer sy storie as volg:—

,,Toe die Engelse in hierdie land gekom het, was ek só groot (hy wys met sy hand, sodat hy toe omtrent tien jaar moes gewees het). Boesmans wat uit Kaapstad weggeloop het, het die tyding van die Engelse skepe gebring. Ons het toe van sulke dinge maar min verstaan. Ek is in die Roggeveldberge gebore; maar toe die weggelope Boes-

mans by ons gekom het, was ons in die Cederberge en dan weer in Ceres se wêreld. Daar was toe nog baie wild in daardie berge, wat ons in staat gestel het om die bokke van naby te bekruip. Met die ronddwaal daar het ek al begin groterig word en weet nou nog goed wat in daardie dae plaasgevind het. As ek daaroor dink, dan is dit vir my as die dag van gister.

,,In daardie dae het dit in ons berge mooi gereën; maar in die Karoo was dit nog baie droog. Al die wild trek toe na ons bergveld-toe, en toe kom die Boesmans van die Moordenaars-Karoo en van die Groot-Karoo na ons berge toe. En hoe dit gekom het, het ek nooit verstaan nie; maar tog, daar het skoor ontstaan tussen ons Berg-Boesmans en die Karoo-Boesmans. En hulle praat somar van mekaar te skiet.

,,Maar, my basie, ons Boesmans kan mos nie met mekaar oorlog maak soos ek nou verstaan hoe die mense en Kaffers oorlog maak en met mekaar veg nie. Kyk, as 'n Boesman daar agter 'n klip of in 'n gat lê, watter ander Boesman sal dit waag om hom daar te gaan bekruip? Nee, ons sal mekaar gaan betrek daar waar vleis gebraai en gedans word, of waar in die donker om die vuur gesit word. Maar dan weer, wie sal so dom wees om in sulke gevaarlike tye in die ope lug te gaan vuur maak of te gaan dans, sodat hul die tamboer en musiek van ver kan hoor? Nee, my basie, al ons Boesmans weet goed dat ons onder mekaar nie kan veg nie. Het iemand vir jou kwaad gemaak, dan is dit alleen die saak tussen jou en tussen hom; en die ander het daar glad niks mee te doen nie. Julle twee moet maar

self julle eie sake regmaak. Wat help dit as ander vir hulle daaroor sal laat doodskiet?

,,Maar die ding word glad anders as baie kom om ons Boesmans in 'n hoop aan te pak; dan staan ons gelyk, en nou veg ons teen 'n gemeenskaplike vyand wat nie ons eie nasie is nie. Ons veg dan òf teen die witman òf teen die Hottentot òf teen die Kaffer. Met hulle kan ons beter veg, want hulle kom na ons toe; al wat ons moet doen, is om vir baie pyle te sôre en doodstil in ons wegkruipplek te lê. Daar sal hulle gewere en asgaaie ons nie uitkry nie; maar net *honger* en *dors* sal vir ons daar uit die wegkruipplek uitdrywe. Want ons Boesmans dra mos nie so baie kos en water met ons saam nie. Nee, my basie, die witmense en die Hottentots en die Kaffers sê dat *hulle* vir ons uitgeroei het. Nee, nou jok hul mos; want dis die honger en die dors as hul ons vaskeer, wat vir ons gedaan gemaak het. Nou, sê vir my, my basie, is honger en dors dan mense? En wie kan met hulle baklei of speel? Hulle is man en vrou; hulle is ons algar se baas en nôi; hulle slaan seer houe as hul slaan. Hulle order aldag vir ons rond. En al die mense werk verniet vir daardie baas en nôi. Hulle vra nie vir jou of jy siek of gesond is nie. Honger en dors ja vir jou gou uit die siekbed; hulle ja vir jou uit as dit reën, hulle ja vir jou uit as dit koud of warm is. Ja, my basie, hulle ja vir jou uit dwarsdeur jou vyande wanneer hul met koeëls op jou skiet en wanneer hul met asgaaie vir jou steek. Verstaan my basie nou dat dit net honger en dors is wat ons Boesmans so uitroei? Die honger en dors is die

honde wat vir geweer en asgaai die Boesman uit sy skuiling moet uitja.

,,Maar die saak met Boesman teen Boesman is glad anders: As die een 'n stuk wild geskiet het, dan deel hy dit mee aan dié wat niks geskiet het nie. Môre skiet daardie een weer iets, dan deel hy weer aan dié wat vir hom kos gegee het; en so help ons mekaar. Ons is nie afgunstig nie; net my pyle en boog, my vrou en kinders, my velle en potte is *myne*; maar die ding waaroor hul oorlog maak, soos grond, water, vee, en sulke goed, is ons algar s'n same: waaroor moet ons Boesmans daaroor baklei? En vat hy aan my goed, dan, het ek mos vir baas gesê, is dit 'n saak tussen my en hom, waarmee die ander niks te doen het nie.

,,Kyk, my baas, nou sal ek vir jou die poedelnakende waarheid vertel. Ons het nie kapteins om vir ons te roep om oorlog te kom maak nie; en as niemand ons roep nie, wie sal dan gaan? Basie, die kapteins, dis hulle dié wat al die kwaad stook; en ander wat die rusie nie gemaak het nie, dié moet oorlog maak."

No. 87.

Die Verkeerde Volstruis.

No. 87.

Die Verkeerde Volstruis.

OPMERKINGS :—*Hierdie verhaal is 'n voortsetting van die vorige* (*No.* 86).

OP vrae en kruisvrae vertel ou Bles nog verder:—
,,My basie, glo vir my, ons Boesmans kom swaar aan ons stukkie kos. As dit reën, dan kan ons nie jag nie, want dan word die boogsnaar nat en dryf dan die pyl nie te vinnig voort nie. Dan kom nog daarby, die snaar is van senings saamgedraai; en as dit nat word, dan draai dit alte graag los. Verder, as die wind sterk waai, dan moet ons die wild baie naby bykom, anders raak ons nie, daar die wind die gang van die pyl belemmer.

,,Nou, so baie witmense het al vir my gevra waarom ons nie ook saai en plant nie; toe het ek geantwoord dat as hulle in ons plek sou gewees het, sou hul maar net dieselfde gedoen het. Die grootste hinderpaal by ons is dat ons nie yster het nie. Jy kan mos nie grond met stokke of horings omgrawe nie! Ons het maar hier en daar stukkies yster by ander nasies opgetel. Van die Kaffers wat ons nasie so vervolg en vermoor het, het ons asgaaie afgeneem, en daardie asgaaie het ons skerp geslyp, sodat ons dié ook vir messe om vleis mee te sny, kan gebruik. Verder het ons vir ons met klipmesse moes behelp. Dis mos 'n gesukkel

om 'n bok met 'n stomp klipmes af te slag en stukkend te sny—nie waar nie?

,,Ek het al daarby gesit dat die mense praat oor hoe fyn ons wild bekruip en hoe net ons skiet. My hart voel dan somar groots; maar stilweg sê ek: Julle weet nie watter moeite en gevare dit alles kos nie. Glo vir my, my basie, dit gebeur baiemaal dat ons wild bekruip onderwyl 'n leeu vir ons bekruip. Of dit gebeur dat ons en 'n leeu saam, sonder van mekaar te weet, een en dieselfde wildding beoog en bekruip. Ons skiet, en dan spring die leeu uit en pak die buit voor ons neus weg. Nou, dis gemaklik genoeg vir mense wat roers het, om vir ons, wat maar stomp pyle het, te sê dat ons dan maar die leeu daar by die bok moet doodskiet. Ons skiet nie altyd 'n doodskot nie. En hoe dan as die leeu lig gewond is—hoe dan met jou? Ons het darem baie planne om reg te kom. As ons sien dat 'n leeu saam met ons die bok bekruip, dan lê ons maar stil of soek onderkant sy wind te kom. As daar 'n boom daar naby is, dan probeer ons om in die boom te klim en lok dan die leeu na ons toe en skiet hom as hy onder die boom is. Maar die ongeluk is, as ons wild bekruip, dan is ons meestal net een man. Kan jy op jou pyl en jou korrelhou staat maak, dan kan jy maar probeer om hom die pyl voor die bors, of as hy dwars lê, agter sy blaaie in te drywe, om sodoende 'n doodskot te gee. Maar dan moet jy baie seker van jou saak wees voordat jy probeer om dit uit te voer. Dit hang daar ook baie van af watter soort gif jy gebruik: alle soorte gif is nie ewe sterk nie. Daar is 'n soort gif wat dadelik soos die ding geskiet word, op sy senuwee werk, sodat hy



„DIE JONG LEEUMANNETJIE WAS OP DIESELFDE BESIGHEID UIT AS EK."

nie kan wegkom nie; dan weer is daar gif wat stadiger werk en die wildding 'n kans gee om 'n entjie te hardloop eer hy neerslaan. Ons moet ook soms die regte gif ver gaan haal, dit daar op die plek klaar maak, dit in volstruiseierdoppe gooi, toeplak, en dan na ons veraf-geleë plek oorbring om dit daar in voorraad te hou.

,,By ons Boesmans bestaan ook 'n soort ruilery. By voorbeeld, op een plek is mooi klei om potte mee te maak, by die ander plek is weer goeie gif, en by 'n ander plek is weer rooiklip (oker) om die lyf mee te smeer of om mee te skilder. Dan gebeur dit in sulke gevalle dat 'n ruilery plaasvind. Ons gee ook presente oor en weer.

,,Die ongedierte was in vroeër dae 'n baie groot gevaar vir ons. Dit was glad nie gewaag om ná of kort voor sonsondergang alleen in die veld rond te loop nie; want dan is dit die tyd dat leeus, tiere en wolwe uit hulle skuilplek te voorskyn kom; hulle is dan hongerig en begin rond te jag. By daardie tyd moet ons sôre dat ons tuis is en dat ons vure brand, om, as hul ons wil aanpak, klaar te wees om hul met stompe vuur van ons af te weer. Hulle is alte lief om ons spoor te vat, vernaamlik as ons wild geskiet het, of vleis na ons werf dra en van die bloeddruppels het op die grond geval sover as ons geloop het. Of hulle kan ook die vleis en bloed op ons werwe van veraf ruik. Dan kom hul snuffel.

,,In die oggend of gedurende die dag sal 'n leeu 'n mens nie somar pla nie, vernaamlik as die son die dag baie warm is. Maar tog, dit gebeur dat jy skielik op sy lyf afkom, dan voel hy onrustig en dink jy kom hom opsoek. In sulke

gevalle sal hy sy lyf klaarmaak om jou te bevlie. Hy neem ook soms in die dag sy kans waar as hy die vorige nag 'n slegte jag gemaak het.

,,Eenmaal het ek met 'n jong leeumannetjie noustrop getrek. Ek bekruip 'n hartbees wat in die koelte van 'n boom staan en vlieë wegja. Die jong leeumannetjie was op dieselfde besigheid uit as ek. Toe ons mekaar gewaar, was ons nog geen twintig tree van mekaar nie. Hy verander sy plan en kies my uit in plaas van die bok. Nou, die ou Boesmans het my vertel—want ek was toe maar nog 'n jong Boesman—dat as jy jou bekruipmus van jou kop afhaal, dit in jou mond vasbyt, sodat die hol kant na vorentoe staan en nes 'n groot oopgespalkte bek van iets lyk, dat 'n leeu jou dan nie somar sal bespring nie. Wel, daar was vir my geen ander raad nie—want vandag is ek dood se kind. Ek pluk gou die bekruipmus van my kop af en byt dit tussen my tande vas, knor hard, en staan op hande en voete klaar vir die leeu om hom te bevlie. Hierdie gesig moes vir hom tog te aaklig gelyk het; hy skrik, steier agtertoe, en stap omkyk-omkyk weg. Toe hy op veilige afstand was, skeur hy die wêreld vorentoe sonder om òm te kyk, en hy verdwyn spoedig oor die kliprandjie. Maar ek kan darem my basie verseker: dit vorder moed en koerasie om so voor 'n leeu reg te staan.

,,Ja. Nou, my basie, jy het my gevra hoe ek hierdie bles op my kop bekom het. Dit het ook deur die jag gekom, en ek sal die baas die ding mooi haarfyn vertel.

,,Ek was toe nog 'n jong Boesman (soos hy beduie omtrent twintig jaar). Dit was ná ek die ontmoeting met die



„EK STAP NOU NET SO PARMANTIG IN DIE VELD AS 'N VOLSTRUIS SELF."

jong leeu gehad het. Ek gaan die dag ook jag. Ek het vir my 'n pak klere van 'n afgeslagte volstruisvel gemaak. Ek het die affêre mooi reggekry, want dit was vir die ou volk te mooi om aan te kyk hoe natuurlik ek 'n volstruis kon namaak; en ek het net trots daarop gevoel. Wel, ek het met daardie pak klere gaan jag. In die volstruis se nekvel het ek 'n stok gesteek en stap nou net so parmantig in die veld as 'n volstruis self. Ek het ver in die veld geloop en stap toe om die punt van 'n randjie . . . . en toe ek my kom kry, ry twee base my op 'n kar!

,,Wat eintlik gebeur het, is dit: Een van daardie base het my uit die verte vir 'n regte volstruis aangesien; hy het my gaan voorlê; en toe ek onder skot was, haak hy af en ploeë my met die koeël oor die kop. Ek val bewusteloos neer; die base tel my op en bring my na hulle kar toe en ry nou vinnig om by die water te kom om my te lawe. Onder die ry het ek reggekom, en die baas het my na sy plaas toe gebring. Dit was toe nog slawetyd; maar die baas en nôi was vir my baie goed, en vernaamlik ook hulle kinders. Ek het toe somar by daardie baas en nôi gebly. Hulle het eers na Grahamstad se wêreld getrek. Daar het ek nog altyd by hulle gewoon; maar toe hul na die Vrystaat met die Groot Trek saamgegaan het, het ek gesê dat ek nooit van hulle sou weggaan nie, maar ek is tog te bang vir daardie wilde Kaffers van daardie wêreld. Ek het baie spyt gehad, en hulle ook, dat ek moes weggaan. Ek het toe my lewe in die Karoo geslyt; en nou kom ek, voor ek sterf, weer my ou wêreld beskou, en dan gaan ek weer terug na my kinders toe.''

No. 88.

Staan tot die Dood toe.

No. 88.

Staan tot die Dood toe.

OPMERKINGS :—Hierdie gebeurtenis is in 1870 in Boesmanland, naby Krommaag, afgespeel. Ons was net daar toe dit voorgeval het.

DIT is ons deur verskeie Boesmans wat eers wild was en later mak geword het, verseker dat dit 'n moeilike ding vir 'n wilde Boesman is om te verstaan waarom die witmense en basters mag vee aanhou en sê dat dit hulle eie is, terwyl hul aan die ander kant hulle eie reg gebruik om die Boesman se vee (die wild) te kom doodskiet of verjaag, waardeur die Boesmans moet honger ly. Later, as hul mak word, verstaan hul die saak beter; en dit word hul duidelik gemaak dat die witmense en basters met vee boer, dit oppas en versorg, terwyl die wild vir hulleself moet sorg. Maar tog, uit die oogpunt van 'n wilde Boesman gesien, lyk dit glad nie reg nie. Hulle meen dat die witman maar in sy eie land moes gebly het om daar met sy vee te boer, en nie hiernatoe moes gekom het om die Boesmans se vee, gronde en waters af te neem nie. Dus, uit weerwraak vat hul soveel van die vee van die blanke en basters as hulle in hande kan kry; wat hul nie vir onmiddellike gebruik nodig het nie, verniel hul op 'n gruwelike wyse, om môre maar weer ander te vat en dié op dieselfde wyse te behandel. En tog aan die ander kant verseker

Boesmans ons dat in hulle wilde staat diefstal swaar gestraf word. As uitgevind word dat iemand gesteel het, en die bestole persoon kom kla, dan, as dit die man se vrou of kind is, oorhandig hy hulle aan die klaer om hulle te straf— al was dit soms met die dood. Die man wat gesteel het, word net so behandel; maar natuurlik moet die kwaad eers deeglik bewys word. Bewyse en getuie moet daarvoor beskikbaar wees.

Nou, wat reg of verkeerd is, is maar 'n opienie. Skurkery waarvoor geen wet bestaan nie, is geen misdaad nie. Die pous van Rome mag nie trou nie, maar hy mag wyn drink; die sultan van Turkye mag wel trou, maar mag nie wyn drink nie. In Rusland onder die saar se wet mag geen moordenaar opgehang word nie; maar 'n skurk word voor die voorkop gebrandmerk, of sy neus word afgesny, of sy oor verwyder. Dit is ons menslike begrip van reg. En hoe omtrent die Boesman se opvatting? En daarby kom nog: Hy is so kort van verstand. Hy verdedig sy grondgebied deur middels waaroor hy beskik. Maar dis darem baie onplesierige en wrede middels! Straf word alleen toegepas op die dommes wat so sleg is om uitgevinde te word: die slim skelms kom altyd vry.

Die Boesman, aan die ander kant, as die instellings van die blanke vir hom duidelik geword het, is gewillig by die witman en baster te werk. Daar is oor en oor genoeg bewyse dat as hy weet dat sy baas hom regtig vertrou, hy sy baas ook getrou dien. Daar is ewe soveel bewyse dat hy vir bewese weldade dankbaar en erkentlik is. Hy doen

dit nie juis in dieselfde sin as 'n getroue hond nie, maar sal selfs uit sy pad vir sy baas gaan om hom 'n vrindskap te bewys of voordeel te laat bekom. Hy moet daartoe op 'n boerplaas opgevoed word. Die dorp is sy sedelike verderf: daar kry hy drank, en hy ken geen maat nie; daar kom hy in aanraking met lae karakters, en hy self is nie standvastig nie. Op sendingstasies was hy 'n mislukking, omdat hy vir hoër begrippe onvatbaar is. Dit het vir die beskaafde nasies van die wêreld eeue geneem om beskaaf te word; hoe kan 'n skepsel so laag as 'n Boesman in 'n paar jaar beskaaf word?

Nou gaan ons weer 'n verhaal meedeel om die roekelose handelwyse van wilde Boesmans bloot te stel—dade waartoe hy hom volkome geregtig vind.

In 1870 het 'n klompie basters met hulle talryke vee saam op 'n plek in die nabyheid van Hartbeesrivier in Boesmanland gaan staan. Die veld was pragtig, en water was volop; dus was die vee vet, en die mense was vrolik. Op 'n sekere dag kom die veewagters vertel dat drie wilde Boesmans met 'n klompie osse voort is. Dadelik word die perde gehaal, opgesaal, en 'n klein gewapende mag volg die spore. Hulle druk op so vinnig as hul kan; want die Boesmans was ver voor. In sulke gevalle jaag die Boesmans die gestole vee so hard as hul kan gaan, sodat hulle tyd wen om te slag en te braai. Want hulle weet dat die eienaar tesame met andere hulle tog sal agtervolg. 'n Paar beeste het op pad flou geword. In plaas van hul agter te laat staan, skiet hul hulle met gifpyle dood om te dien as voedsel vir aasvoëls, leeus, wolwe en jakkalse; maar die baas wat die beeste

opgepas en versorg het, aan dié gun hul dit nie. Hulle slaan en gooi die beeste wat nog kan loop, om hul op 'n stywe draf te hou.

Kort ná die middag het die basters die Boesmans met die geroofde beeste ingeja. Die vee staan toe op die oop vlakte. Maar waar is die Boesmans? En is hul nog *drie*? Pas op nou om 'n bees te gaan keer: jy of die dier kry die gifpyl. Op die gelyk vlakte kan 'n Boesman hom net so gevaarlik wegsteek as in die skurfste randjie. Hulle is fyn en geslepe om nie die geringste aanduiding te gee van waar hulle skuilplek is nie. Maar die basters, net soos die blanke van daardie streek, weet hoe om Boesmans te jag en uit te snuffel. Dit het ook nie te lank geduur nie, of die basters weet presies waar die drie gate in die grond gegrawe is. Uit die middelste gat sien hul af en toe die loop van 'n geweer uitsteek.

By dié geleenthede roep die twee symaats uit: ,,Wag, moenie skiet nie; laat hul maar eers nader kom, dan kan ons hul ook met die gifpyle werk!''

Vir die gifpyle was die basters toe nie so bang as vir daardie roer nie; want die roer kan verder tref as wat 'n pyl kan skiet.

Hierdie krygslis van die Boesmans het die basters vir 'n lang ruk van aanval teruggehou. Dog toe die Boesmans so lank versuim, weet die basters dat dit met die roer somar blinde alarm is. Hulle keer toe versigtig die beeste tussen hulle en die Boesmans in en het hulle kans geneem om tussen die klomp beeste deur op die drie gate te skiet. Hulle het

uitgeroep om oor te gee; maar die Boesman wou tot die dood toe veg. En so het al drie in hulle stryd geval.

Die lewendige vee het die basters teruggekeer ná hul die drie Boesmans in erdvarkgate begrawe het. Dog, oor wat hul gedoen het, het hul glad nie gerus gevoel nie. Hulle het toe vir 'n ruk oor Grootrivier gevlug; maar toe hulle vroue vir hulle laat weet dat alles veilig is, het hulle teruggekom: die Boesmans het tog die eerste op hulle geskiet.

No. 89.

Vryheid—die grootste Ideaal.

No. 89.

Vryheid—die grootste Ideaal.

OPMERKINGS :—Hierdie verhaal is ons deur mnr. J.A.R. meegedeel.

IN die ou dae was dit 'n vaste gebruik by die veeboere om in die winter met hulle vee van die Hoëveld na die Lae- of Bosveld van Transvaal te trek. By dié geleentheid is in die ou dae tegelykertyd 'n jag op grootwild gemaak.

Die Hoëveld word in die winter baie koud; want dit lê tussen 5,000 en 6,000 voet bokant die see. Selfs van die wild en ook van die Boesmans wat die wild agtervolg, trek na die warmer streke gedurende die koue jaargety. April en Mei is gewoonlik die maande wanneer die trek begin. Met Nagmaal kom die trekboere eers kerk-toe, koop by die winkels met daardie geleentheid wat nodig vir die winterveld is, en ná afloop daarvan gaan hul hulle vee haal; en oor veertien dae is daar maar min boere op hulle somersplase te vinde.

'n Geselskap het Elandsberg-af getrek en het verstrooid langs Elandspruit in daardie groot vallei met hoë berge omring, gaan staan. In daardie streke was elande, buffels, renosters, kamele en olifante, sonder om van blouwildebeeste, koedoes, kwaggas, bos- en vlakvarke, rooibokke en seekoeie eens te praat.

In daardie tyd kom daar 'n buitengewoon groot reën, want die winter is in Transvaal nie die reëntyd nie. Gewoonlik gaan so 'n reën met koue weer gepaard, en die Hoëveld kry dan gewoonlik kapok.

Ná die weer opgeklaar het, word twee koeie en 'n kalf van een van die trekboere vermis. Die witmense het met die jag opgelet en gesoek; maar die saak is meestal aan die Kaffers opgedra om tussen die berge en klowe te voet te gaan soek; want die Drakensberge is maar 'n ruie gebergte. Die Kaffers vind niks nie; ook het die jagters niks gewaar nie. Dit het by vorige jare ook gebeur dat vee by klompieswyse stilletjies wegraak. Die mense maak toe hulle planne op om die oorsaak uit te vind. Maar in hierdie geval was dit onmoontlik, want die spore was doodgereën; dus wag hul op die eerste die beste geleentheid.

Omtrent drie dae ná die twee koeie en die kalf weggeraak het, kom die Kaffers vertel dat hul 'n klompie buffels in die onder-ent van 'n kloof sien wei het. Die jagters stuur toe die volgende oggend vroeg 'n klomp jag-Kaffers om die buffels die smal en diep kloof op te jaag. In die kloof was wildvoetpaaie; langs die rande kon hul nie bra uit nie, want dit het steil kranse; maar bo is 'n nek waar die voetpaaie uitgaan, en daar gaan die jagters die buffels voorlê. Hulle skiet toe 'n stuk of wat daarvan dood; een buffel word swaar gewond, hy spring kortom en vlug in die kloof af. Die jagters stuur 'n Kaffer agterna om die buffel op te pas onderwyl hul nog met die ander vlugtende wild besig is.

Die gewonde buffel val in die kloof aan die voet van die nek dood. En toe die Kaffer by die buffel kom, vlie



„DIE SWASIE HOU DADELIK SY SKILDVEL VOOR."

'n Boesman se pyl kort teen sy kop verby. Hy hou dadelik sy skildvel voor (want hy was 'n Swasie), en onder pylgeskiet stap hy skuil-skuil agteruit en vlug agter 'n groot rots in en roep uit: ,,Baas, pas op! Hier is Boesmans, en hulle skiet met pyle.''

Een van die jagters kon 'n Boesman voor 'n groot skeur in 'n klipkrans sien staan. Die jagter vuur op die skeur, en die Boesman verdwyn daarin.

Die vlugtende wild was toe al algar verby. Die Swasies wat die wild aangekeer het, is nog ver onder in die kloof en kom aan. Die jagters daal van die nekkie te voet af na die kloof waar hul die Boesman in die skeur gesien het, en skiet af en toe 'n koeël in die skeur, en die Boesmans skiet ook in die rigting van die mense, wat skuil.

Oom Pieter—een van die jagters—het reeds baie ondervinding in gevegte met Boesmans opgedoen, en algar was gewillig om sy orders op te volg. Hy roep toe een van die Boesman-agterryers en sê aan hom om aan die Boesmans in die skeur uit te roep om oor te gee. Eers kom daar geen antwoord nie; later antwoord hy terug dat hy veilig daar is en vra waarom hy moet oorgee. Hy weet as hy oorgee, dan maak hul hom dood. Die mak Boesman antwoord terug dat die een in die skeur gerus kan uitkom: sy lewe is gewaarborg; want hoekom maak die mense vir hom, wat agterryer is, nie dood nie.

Die Boesman in die skeur antwoord terug: ,,Nou, ek wil nie agterryer wees nie; ek is my eie baas en wil my eie baas sterwe."

Oom Pieter vra toe aan die Kaffers, wat by hierdie tyd algar daar was, of hul die plek goed ken. Een gee antwoord dat hy vir 'n maand terug daar 'n jakkals gesien inhardloop het. Hy het toe die plek gaan beskou, en hy vertel dat die skeur voor maar nou is; maar agtertoe in is dit wyd en het nog ander sykamers. Daarop het hul die plek in die nabyheid van die grot verder goed verken om uit te vind of daar nie nog ander skeure is waaruit die Boesmans kon skiet nie. Dit het nie so gelyk nie, want die rotse aan weersye van die ingang was vaste rotse; dus het oom Pieter besluit om 'n groot rook voor die skeur te maak en om die Boesman op hierdie manier tot oorgawe te dwing. Met lang gaffels het hul droë gras en groen takke voor die ingang opgehoop; en voor dit aan brand gesteek word, word die Boesman nogmaals gevra om oor te gee; maar toe daar glad nie antwoord kom nie, gaan die vuur in die hoop voor die bek van die grot.

Ná 'n hele ruk te gewag het, tot die brandstof uitgesmoor het, word weer uitgeroep om uit te kom, daar die jagters toe kinders binne-in kon hoor huil. Toe word alle middels aangewend om al was dit maar die meide met hulle kinders te red; maar een van die meide roep terug: „Ons maak net soos ons mans maak."

Die jagters kom toe tot die gevolgtrekking dat nie genoeg rook die gat binnedring nie; toe word meer brandstof aangevoer en met die gaffels brandend dieper die gat ingestoot. Die stilte duur binne-in voort—algar die Boesmans weier stilswyend om uit te kom.

Intussen het die Kaffers begin met die afslag van die wild. Daar het baie Swasies 'n dag ver van Komatierivier se kant gekom om met die jag te help; dus het dit nie lank geduur nie, of hulle het die vleis na 'n plek gedra vanwaar dit met sleë gehaal is om daar biltong van te maak.

Met rondsoek daar om die gat, vind hul die geraamtes van die twee koeie en die kalf; wat die Boesmans nie opgeeet het nie, is deur die wilde gedierte verslind. Die lyke van die Boesmans met vroue en kinders is later in die gate ontdek, saam met vleis van die drie beeste.

No. 90.

Liewers Sterwe as Oorgee.



No. 90.

Liewers Sterwe as Oorgee.

OPMERKINGS:—Hierdie verhaal is aan ons deur mnr. Heink Vissagie, Zooverbij, Calvinia, en ander in 1882 *vertel.*

DIE Boesman, as kind van die natuur, wil volkome vry wees. God het hom vryheid gegee, en vry wil hy sterwe. In die strewe om vry te wees, moet hy vir selfbestaan hard veg. Van gerief en gemak weet hy min af. Slaan maar ag op hoe hy gehuisves is; en dan moet ons erken dat die meeste voëls 'n beter begrip van gerieflike huisvesting besit as 'n Boesman—wat tog 'n baie hoër wese is as 'n voël. Die voëltjies bou mooi nessies en veer dit sag uit om warmte aan hulle kroos te besorg. Maar dan weer, nes die voëls, slaap die Boesmans net waar hul 'n skuiling kan vind; en die voëls ook het gedurende die winter geen nessies nie.

Maar wag, die Boesman maak tog 'n soort van skuiling —dog baie ongerieflik, aangesien hy 'n mens is. In warm

en mooi weer, as die Boesman op jag is, slaap hy agter 'n bos of klip en het die sterrehemel vir 'n kombers. Maar as hy woon, dan verkies hy 'n spelonk of grot bo alles. Hy is dan tevrede om voor die wye opening bosse en takke te plaas, in plaas van om 'n stewige muur van grond of klip te bou. Van boukuns weet hy absoluut niks af nie. Sy geliefkoosde huis, egter, is 'n skuiling van matjies gemaak. Die matjies maak hy van matjiesgoed en vervoer dié orals met hom mee as hy op trek is. Teen sononder breek hy takke, plant dié in die grond, sprei die matjies daaroor, en maak dit op 'n manier vas. So 'n hut is glad nie bestand teen swaar reëns nie; dit lek dan soos 'n gieter.

Kan hy geen takke kry om in die grond te plant nie, dan grawe hy 'n gat in die grond net so groot dat hy daarin opgerol kan lê. Hy neem los klippe of klein bossies en maak om die gat 'n skermpie. Op 'n manier span hy die matjies oor die skermpie en kruip daaronder in as herberg vir die nag. So maak elk afsonderlik. Dog as hul spelonke kies om in te woon, dan slaap almal daarin saam.

'n Boesman mag 'n klein klipgat vir tydelike verblyf kies, maar nooit vir 'n vaste woning nie. Van dié soort vind ons baie in die veld. In sommige tref ons ook van hulle skilderinge aan. Die grootste nut, egter, van sulke klein gate is om in tyd van gevaar in te vlug, waaruit hul dan met die gifpyle kan skiet. So het baie van sulke soort klipgate 'n wonderlike geskiedenis aan hulle verbonde.

Ons persoonlik was gevra om die plaas Zooverbij aan die Hantamrivier op te meet. Met die steek van 'n pylvlag

op 'n seker koppie, deel die eienaar ons mee dat die naam van die koppie Bamboeskop is; en voor hy ons die besonderhede gee waarom die naam so gekies is, wys hy 'n klein klipgrot aan aan die sy van die koppie en vervolg :—

,,In vroeër tyd het hier in hierdie buurte 'n ou Boesman met die naam van Bamboes rondgedwaal; hy was 'n beroemde veedief en 'n nog beroemder boogskut. Hy was een van die soort wat so moeilik was om in hande te kry as 'n dassie in 'n skurwe klipkrans. Die poliesie het al jagte op hom gemaak, maar kon hom maar nooit in die hande kry nie. Die base van die gestole vee het alle middels aangewend om sy verblyf uit te vind, maar alles verniet : hy weet sy spore te vernietig; en dan, vandag is hy hier en môre is hy daar."

Hier onderbreek 'n ander man wat daarby staan, die gesprek, en hy sê :—

,,Wag, neef Heink, behou jou rede; laat ek eers vertel wat ou Bamboes êrens in ons buurte gewaag het, en dan kan jy maar klaar end uit vertel.

,,My ou oom het eendag net van 'n ver rit met sy flukse bont ryperd tuisgekom. Hy het die perd gelos om veld-toe te gaan. Hy het toe 'n ander ryperd geneem om sy vee in die buiteveld te gaan beskou. Daar ver in die veld, toe hy om die punt van 'n randjie kom, sien hy 'n Boesman met sy bont ryperd ja of die dood agter hom is. Hy merk onraad en gee sy perd die teuels en agtervolg die Boesman. Gelukkig, die bont perd was nog baie moeg; anders sou die Boesman daarmee skoon van my oom weggeja het. My oom wen, maar nie so vinnig as hy verlang het nie. Dit sou nog

langer geduur het om die Boesman in te haal, maar gelukkig trap die perd in 'n erdvarkgat, slaan neer, en die Boesman val dat die stof so trek. Die eerste wat die Boesman doen toe hy van die grond opspring, was om na sy pyle en boog te gryp, en hy gaan agter die perd reg staan en loer skrams voor die perd se bors verby wat my ou oom nou wil maak.

,,My ou oom kon op sy skot reken; maar nie noudat hy so bewe van boosheid en ontsteltenis nie; hy het dus nie gewaag om 'n skrams skot op die Boesman te vuur nie. So na wou hy ook nie ry om onder pylskot te kom nie. Dus staan hy op veilige afstand die Boesman aan te kyk, en die Boesman loer voor die bors van die perd verby om te kyk wat die oubaas wil maak. My ou oom se omry sal niks help nie, want die Boesman draai die perd altyd voor hom. Dié plan het die Boesman gekry om die agtermiddag mee om te maak. Geen hulp daag op nie. My ou oom begin toe voor en agter die perd stofskote in die grond te skiet om te kyk of die perd nie wil skrik en weghardloop nie; maar die vergalgste Boesman klou nes 'n bloedsuier aan die perd vas. Wat eindelik daar by die perd gebeur het, weet my oom nie. Of die perd die Boesman gekap of getrap het, kan hy nie sê nie; want die perd was 'n bietjie wys. Die perd kom los en spring weg. My ou oom was klaar om die Boesman met die koeël te pleister; dog die skelm het soos rook verdwyn—vermoedelik in die erdvarkgat gekruip waarin die perd getrap het. Toe die bont perd buite pylskot draf, het my ou oom hom gevang en met hom staanplek-toe geja.

,,Maar watter soort jaery was dit tent-toe? Want my ou oom moes gedurig omkyk of die Boesman hom nie agtervolg nie. Maar gelukkig het hy die staanplek veilig bereik. By ondersoek na die skelm blyk dit dat dit niemand anders was nie as ou Bamboes wat weer na daardie buurte getrek het om daar kwaad te doen. Hy sou seker die bont perd, toe hy weghol, doodgeskiet het, was dit nie dat die perd te ver was toe Bamboes veilig in die gat was nie."

Hierop vervolg oom Heink weer sy verhaal omtrent Bamboeskop en vertel:—

,,Daar kom 'n dag wanneer die fynste skelm betrap word. Bamboes was weer met sy skaapstelery besig, en daar word hy betrap. Die mense spoor hom op en vind uit dat hy posiesie in 'n klipgat in 'n koppie gevat het. Hulle kon sien uit watter gat die pyle geskiet word; want teen die sonlig kan 'n mens 'n pyl sien blink en trek.

,,Hy is oor en oor gesoebat geword om maar oor te gee; maar alles tevergeefs. Hy reken op sy krygsmanskap: hoeveel maal was hy nie in net so 'n gevaar nie, en toe kon hul aan hom niks doen nie; en sou hul nou iets aan hom kan doen? Nee, hy sal sy man tot die bitterste end toe staan. As geoefende krygsman verstaan hy die kuns om sy geskut nie in die wind weg te skiet nie. As hy afhaak, is dit 'n baie skrams skot; want die burgers wat hom in die gat vaskeer, het baie fyn krygslis gebruik om hom daartoe te kry om sy pyle weg te skiet. En dan, hulle roers skiet verder as 'n pyl kan raak.

,,Wel, 'n heftige bombardement word op die klipgat gerig. Onder dit alles kry Bamboes nog kanse om te skiet.

Hy het hom soos 'n leeu verdedig. Maar naderhand raak dit stil, en die burgers vermoed dat Bamboes nou 'n doodskot gekry het. Versigtig stap hul nader, agter beskerming van seker toestelle. Hulle vermoeding was maar te gegrond —Bamboes is 'n lyk.

,,En toe hul sy lyk ondersoek, blyk dit dat hy 'n koeël voor die kop gekry het. Die velle van sy voorvinger en duim was deur die boogsnaar glad weggeskeur. En toe het hy die boog met sy voete vasgeskop en die pyl met sy tande afgetrek. En dit het ook sy voortande uitgepluk.

,,Hy lê so dood sonder 'n pyl om verder mee te skiet!"

No. 91.

Die wreedheid van Boesmans.

No. 91.

Die wreedheid van Boesmans.

OPMERKINGS:—Nes alle barbare is die Boesman ook soms baie wreed. Baie van die besonderhede het ons van meneer Willem G——, wat vroeër naby Grootrivier gewoon het.

DIE Boesman kan baie wreed wees en 'n plesier daarin neem om iemand te martel—vernaamlik as hy meen dat iemand 'n teenstander van hom is, en dus hom verhinder om sy doel te bereik. Kry hy so een in hande, en tyd om te vlug is kort, dan skiet hy hom met 'n gifpyl dood. Maar bly daar oorgenoeg tyd oor om te vlug, dan neem hy sy kans om sy teenstander te martel en met tyd dood te maak.

Baie getroue veewagters het die spit moes afbyt as hul nie gewillig was om van die vee goedwillig af te gee nie. Baie veewagters is oulik: hul maak of hul die vee goedwillig afgee; en wanneer die diewe onder pylskot uit is, dan vuur hulle met hul roer op die skelm; want baie veeboere was verplig om hulle wagters teen die Boesmans te wapen. Maar die Boesmans bekruip die wagter op so 'n fyn manier dat eer hy hulle gewaar, dan is hy onder pylskot en kan dan nie meer vlug of homself verdedig nie. In sulke gevalle gee die wagter vee goedwillig af. Die Boesman loop dan; en wanneer daar 'n geleentheid kom, hol die wagter na sy

baas om die gebeurtenis te gaan vertel. Dadelik word die Boesmans opgespoor en gevang, en by verset met pyl en boog word hulle doodgeskiet.

Dit weet die Boesmans, en daarom maak hul 'n ander plan met die wagter. Hulle bind hom soms aan 'n boom en slaan hom met doringtakke, of martel hom op 'n ander manier, by voorbeeld deur hom hande en voete vas te maak en dan kole en warm as op hom te krap.

Mnr. Willem G—— vertel ons dat hul vroeër baie las op hierdie manier van Boesmans gekry het. Dit het baiekeer moeilik gegaan om vertroubare wagters te kry; want hulle was deeglik bewus dat hulle lewe in gevaar is. Dis nie alleen dat hul so wreed deur die Boesmans behandel word nie, maar die Boesmans bekruip die wagters nes hul wild bekruip en skiet hul op die plek dood. Dié lot het nie alleen aan gekleurde skepsels ten deel geval nie, maar baie witmense het hulle lewe op hierdie manier moes inskiet, en etlike wrede moorde op blankes en hulle famielies het plaasgevind.

So vertel mnr. Willem G—— die volgende gebeurtenis:—

„Ek was 'n jongeling van omtrent twintig jaar, en my vader het in die ou Kolonie suid van Grootrivier met sy vee op die ope gronde rondgetrek. By een geleentheid gee die waters op, en ons was verplig om ons staning nader na Grootrivier te verplaas. Juis te wyte aan die Boesmans was ons skaars aan wagters om met die vee te help. Die pad wat ons moes trek, was sanderig en swaar vir die osse om die wa deur die woeste veld te trek. Oorlede pa



„HULLE SKRIK EN VLUG. ONS ROEP: ‚STAAN!' EN VUUR TOE."

was toe net siekerig; dus moes ek en my broer van agtien jaar oud eers met die trek help om dit op die nuwe staning te kry. Dan moes ons dadelik te voet omdraai om die wagter met die skape deur 'n ruie plaat bosse te help. Die orders was, as hy eerder by die ruie plek as ons kom, dan moet hy wag, sodat ons hom daar deur kan help. Wonderlik, ek was jare daarna weer op dieselfde plek en het dit amper nie meer geken nie: die groot digte bosse was uitgedun. Of dit opsetlik deur die veeboere uitgebrand is, weet ek nie.

,,Wel, ons sien toe die skape voor hul deur die bosse was. Ons stap daarheen. Die wind waai na ons kant toe, dus kon ons op 'n afstand iemand hoor benoud skree; maar dan volg daarop 'n uitbundige geskater en harde gelag. My broer en ek kon die ding nie begryp nie; ons stap in die rigting en klim agter 'n sandduin uit om tog te kyk wat al daardie pret mag wees.

,,Bo-oor die duine tussen die fyn bossies deur loer ons. Ons sien die veewagter lê 'n tree of wat van 'n vuur, hande en voete gebinde. Drie Boesmans sit om die vuur vleis te braai. Af en toe vat een 'n stomp vuur en brand daarmee die wagter onder sy voete of ander dele van sy liggaam— en dis vir sy pynlike geskree wat hul so danig lag! Die wrede moordenaars sit met hulle pylkokers agter hulle rug, dog hulle boë lê op 'n bossie. Ek en my broer maak toe plan wat om te doen.

,,Die digte bosse was te ná; ons sou die drie moordenaars nie in hande gekry het nie. Ons roers was met lopers gelaai, want daar was baie duikers in die veld. Ons besluit

toe om om die duin nader te kruip en dan uit te roep om oor te gee; wil hul nie, dan pleister ons hul met die lopers. Toe ons hul mooi onder skot het—ek het twee oormekaar, en my broer korrel op die ander—, toe roep ons in Boesman-taal uit: ‚Gee oor, of ons skiet!' Hulle skrik en vlug. Ons roep: ‚Staan!' en vuur toe. Twee val. Ek was weer klaar met die ander skot, en so was my broer (want ons het dubbelloopgewere gehad); ons vuur, en daar lê die derde morsdood. Twee was dadelik dood; dog een het nog 'n vyf minute gelewe, maar is toe ook dood.

„Maar dit was 'n jammerte om die brandwonde aan die wagter te sien; sy klere was ook plek-plek aan brand sonder om te vlam. My broer het teruggehardloop om hulp. Ons het die Boesman na die staanplek vervoer en hom daar verpleeg en gedoen wat 'n mens se hand kon doen; maar die volgende dag is ons getroue Boesman-veewagter aan 'n smartlike einde gekom."

No. 92.

Boesmans in die Breekwater.

No. 92.

Boesmans in die Breekwater.

OPMERKINGS :—Aangesien ons van ons eie nie genoeg gegewens omtrent hierdie onderwerp besit nie, so neem ons die vryheid om oor te neem wat mej. Lucy C. Lloyd in dr. W. H. I. Bleek se "Specimens of Bushman Folklore" meedeel.

SOOS blyk uit die vorige storie (No. 91) en uit andere, het die Boesmans hulle baie aan die wette vergryp. Vir moorde is hul opgehang; maar vir veediefstalle is hul na die breekwater aan Kaapstad gestuur.

Dr. W. H. I. Bleek was 'n Duitse taalgeleerde, wat aan Mowbray, by Kaapstad, gewoon het. Toe die geleentheid daarvoor gunstig was, het hy verlof van die Kaapse Goewerment gekry om van die Boesmans wat in die breekwater was en wie se tyd amper verstryk was, by hom aan huis te neem en om alles aangaande die taal te leer wat daar te leer is. Hy kry toe 'n ou Boesman met die Boesmannaam van 'Kabbo, wat ook onder die naam van Jantjie bekend was. Hierdie Boesman word toe die leermeester van dr. Bleek en sy niggie, mej. Lucy Lloyd. So het die ou skepsel aan die een kant met sy kwaaddoen en aan die ander kant met sy goeddoen veel tot nut gewees om kennis aangaande die Boesmantaal vrywillig mee te deel. Sy eie storie hoe hul gevang is, is ongeveer soos volg :—

,,Die Kaffer-poliesie het vir my, my seun en my dogter haar man vasgeknoop toe ons besig was om aan 'n springbok te eet. Ons was drie wat gebinde was, en so gebinde is ons na die magistraat geneem. Hy het toe met ons, en ons het met hom gepraat.

,,Ons was in die tronk, en hulle het ons bene in die blok gesit. Ons het só met ons bene in die blok moes slaap; want ons was in die huis van vullis. Daar het ook Korannas gekom. In die tronk het ons van die magistraat se skaapvleis gekry om te eet. Toe stuur hul ons voort; ons vrouens het meegegaan. Op pad het hul ons skaapvleis gegee. Ons kom toe by Victoria-Wes. Ons moes toe daar aan die pad werk en moes groot klippe rol. Ons het toe ook met grond gewerk; ons moes dit met kruiwaens wegstoot. Ook het ons grond op waens gelaai en moes dié trek, onderwyl ander mense langs ons loop. Ons gooi die grond op 'n plek uit en stoot die wa terug om weer grond te gaan haal. Die Korannas werk met ons saam.

,,Van daar is ons voortgestuur. Ons arms was aan 'n ketting gebind; ons moes met die wa meestap. Ons kom toe by Beaufort-Wes aan. Ons is toe weer losgemaak. Ons kry toe tabak van die magistraat, en ons stap rook-rook uit skaapbene padlangs. Dit het gereën toe ons in Beaufort se tronk geslaap het.

,,Die volgende dag is ons weer gebinde. Ons moes toe deur die rivier deur die water stap. Die wa het voor gery, en ons moes agternàstap. So het ons aangehou tot ons by die breekwater gekom het, en werk toe daar.

,, 'n Witman het ons geneem en in die nag in die trein geplaas. Ons was vroeg in die trein. Die trein hardloop toe en bring ons tot in Kaapstad. Hulle plaas ons toe in die Kaapse tronk, en ons was baie moeg. Ons en die Korannas het toe somar in die dag gelê en slaap.''

* * *

Uit die twede vertelling sê Jantjie ('Kabbo):—

,,Ek en my vrou was daar; my seun en sy vrou met 'n kind op haar rug was daar; my dogter met 'n kind op haar rug en haar man was daar. Die Kaffer-poliesie het ons so gekry en so weggevoer. Ons moes toe in die wa sit; die Kaffers neem ons in die wa weg. Ons vroue het ook in die wa gesit. Ons span toe uit en klim af. Ons het 'n vuur gemaak en vleis gebraai en lê toe langs die vuur. My seun se vrou braai 'n springbok wat ek met my pyl en boog geskiet het. Ons rook en lê. Die dag breek; ons maak toe weer vuur; ons het vroeg in die oggend gerook.

,,Ons ry toe weer voort en kom toe by die magistraat. Ons het toe van ons vroue weggegaan. Ons het toe met die magistraat gaan praat, en hy het met ons gepraat. Daarop neem hul ons toe weg en plaas ons voete in die blok. 'n Ander witman het gekom en het die bo-stuk van die blok oor ons voete geplaas, sodat ons nie ons voete kan uittrek nie. Ons moes met ons voete so in die blok slaap. Die ander dag kom die magistraat en haal ons voete uit die blok: hy wil ons 'n bietjie laat lekker voel, want dis mos sy skaap-vleis wat ons toe eet. Ander mense het die vleis vir ons gekook. Ons rook—al is ons voete in die blok.''

Tot so ver die verhaal van 'Kabbo (Jantjie).

* * *

Dis wonderlik watter indruk so 'n verandering in die lewe van 'n Boesman maak. Hy kom uit die wildernis, alwaar beskawing nog op sy beurt wag. Hy kom in Kaapstad en sien treine, skepe, hoë huise, en hoe baie mense daar besig is. Die groot winkels met alle soorte goed wat hy nie ken nie, is vir hom 'n wonder bo wonder.

Hoe streng hul Boesmans ook al in die gevangenis bewaak, hul dros tog soms uit die breekwater weg. So is nog een droster op Hexrivier, Clanwilliam, gevang. Snags het hy hom daar aan druiwe in die wingerd ooreet, en oordags lê hy in die veld en slaap. Hy is opgespoor en terug na die breekwater gestuur.

No. 93.

Uit die Breekwater huis-toe.

No. 93.

Uit die Breekwater huis-toe.

OPMERKINGS:—Die geskiedenis van 'Kabbo (Jantjie) is so belangwekkend dat ons uit "Specimens of Bushman Folklore" ook die volgende verhaal van sy terugkeer huis-toe aanhaal. Let op die redeneervermoë.

,,JY weet dat ek hier sit en wag op die terugkeer van die maan vir my om huis-toe te gaan, sodat ek dan mag luister na al die mense hulle stories as ek hul 'n besoek tuis bring, dat ek mag luister na hulle stories wat hul vertel, en dat hulle tuis mag luister na die stories van die Plat-Boesmans aan die ander kant van die plek. Hulle kom hulle stories vertel as die son nog maar 'n bietjie warm is, sodat ek, sittende in die son, na hulle stories kan luister —stories wat van ver kom. Dan sal ek in besit kom van 'n storie wat van ver aangewaai kom.

,,Ek voel ek moet gaan om met my medemense daar te sit en praat; want ek werk nou hier aan 'n vrou se huiswerk, terwyl my maats na stories van ver af hoor. Nou hoor ek geen stories nie, omdat ek nie rondkuier nie. Ek voel dat ek nou met mense van 'n ander soort verkeer—hulle is nie in besit van my stories nie. Hulle praat nie in my taal nie, want hulle gaan hulle gelyke opsoek en doen huiswerk —want hulle maak huise aankant. Hulle werk vir kos om kos te kry. Hulle werk vir goeie en nuwe kos.

,,Die Plat-Boesman stap oor na mekaar se hutte toe, sodat hul rokende daarvoor sit. Daarom hoor hul daar stories; want hul is gewoond om oor en weer te kuier, daar hul rokende mense is. Wat my betref, ek sit op die maan en wag om vir my terug te kom dat ek my voete in die pad huis-toe kan plaas. Ek dink dat ek regtig vir die maan moet wag, dat ek dan aan my baas kan sê dat ek nou loop om by my mense te wees, om my gelyke op te soek. Want hier werk ek met meide saam; ek praat nie met hulle nie, want hulle gebruik my net vir huiswerk.

,,Ek moet eers 'n bietjie rus om my arms te koel, sodat die moegheid daaruit kan gaan; want ek sit hier tevergeefs op 'n storie te wag. Ek sit met al my ore te luister en sit stil om te wag op 'n storie. My naam gaan vooruit; my drie name* vlie voort padlangs na my huis toe; ek voel ek gaan daar sit, en draai eers my gesig na die plek waar my hakskene was: ek gaan mos terug. Net soos die wind sweef 'n storie na 'n ander plek toe; dan gaan ons name dwarsdeur die ander mense—hulle dink aan ons, al sien hul ons nie. Want ons name, swewende, bereik 'n ander plek. Al lê berge tussen die twee plekke, nogtans, ons naam gaan oor al die berge heen. Die naam waarmee hy terugkeer, dié gaan vooruit. Hy ken die pad reguit huis-toe. Die mense wat op 'n ander plek woon, hulle ore gaan luisterend die naam van die man tegemoet. Die teruggekeerde man ondersoek sy ou plek. Die bome van die plek lyk so mooi; want hul het intussentyd baie gegroei en is groot. Al die

* 'Kabbo, Jantjie, Uhi-ddoro.

tyd het die man van die plek, toe hy weg was, hul nie gesien om onder hulle in hulle skaduwee te stap nie. Al die tyd was hy op 'n ander plek, het daar gewoon—dit was tog nie sy plek nie. Hulle het hom na die ander plek geneem om daar te gaan werk. En hy is die een wat huis-toe verlang.

,,Ek wag slegs op die terugkoms van die maan, dat die maan kan omgaan, sodat die tyd vir huistoe-gaan daar is, dat ek dan die waterputte kan beskou—naamlik dié waaruit ek gedrink het. Ek begin te werk om die vervalle hut te herstel. Ek roep my kinders weer tesame, sodat hul kan saam help om die water vir my in orde te maak. Ek was weg, en vreemde het die plek betree; hulle plek is dit nie, want dit was 'Kabbo se vader se vader se plek. Toe word dit weer 'Kabbo se vader se plek; en toe 'Kabbo se pa sterf, toe kry 'Kabbo se oudste broer die plek. Toe dié sterwe, toe kry 'Kabbo die plek. (Die plek is bekend by die basters as Blouputs.) 'Kabbo, toe hy uitgegroei was, trou toe en bring sy vrou na daardie plek. Daar het die twee saam oud geword, en hulle kinders het daar getrou. Hulle kinds-kinders het al vir hulself kon sorg.

,,'Kabbo se kinders het by hom bly woon; sy hut het in die middel gestaan, terwyl hul naasaan in goeie hutte gewoon het. 'Kabbo se aangenome broerskind (Betjie) trou eerste, toe daarna sy eie. Betjie het met troue die plek verlaat, maar sy kom nog altyd haar pleegvader besoek; want hy het haar groot gemaak."

'Kabbo vertel verder: ,,Haar vader was nie die een wat haar kos gegee het nie; want hy is gestorwe en het haar nagelaat. Ek is die een wat haar gaan haal het net toe

haar moeder gesterwe het. Ek bring haar toe na my huis toe. Ek het haar vader (my broer) nie sien sterwe nie; ek het ook nie haar moeder sien sterwe nie. Haar moeder is gestorwe en laat haar hulpeloos na."

Tot so ver vereers. Ons vervolg die belangwekkendste, dog treurigste gedeelte van hierdie verhaal in die volgende storie, No. 94.

[Uit hierdie deel van die verhaal blyk dit dat indiwiduele persone (Boesmans) vir hul seker waterregte toegeëien het.]

No. 94.

'n Boesman-Weeskind.



No. 94.

'n Boesman-Weeskind.

OPMERKINGS:—*Hierdie verhaal is 'n voortsetting van die vorige* (*No.* 93).

BETJIE, die Boesman-weeskind, het haar vader (die broer van 'Kabbo) op die volgende manier verloor:—Die vader is deur iemand gedood wat kwaad vir hom was, terwyl die vader nie vir die ander man kwaad was nie. Hy het na 'n ander plek gaan kuier en het vyf nagte van sy famielie weggebly. 'n Man wat by die plek was waar sy vrou woon, het die kind intussen kos gegee; maar die kind huil gedurig oor haar eie vader. Die man word toe kwaad vir die vader, omdat hy van sy vrou en kind weg-bly en omdat die kind gedurig oor hom huil. En toe die vader terugkom en die nag by sy vrou in die hut gaan slaap het, kom daardie man vroeg in die oggend en steek die vader dwarsdeur die hut met 'n Kaffer-asgaai dood—'n asgaai wat hy op Witberg gekoop het. Toe hy in die hut dood lê, het

almal hom so verlaat—tot sy vrou—op raad van die moordenaar; dus het die ongedierte sy lyk verslind.

Betjie se moeder sterf toe kort daarna aan 'n inwendige siekte. Sy was nie begrawe nie, want tydens haar siekte het sy net by haar 'n jonger suster gehad wat ook aan dieselfde siekte gely het.

Die suster was swak en het met baie groot moeite die kind na die plek van 'n famielielid oorgebring, wat ver weg geleë was. Van daardie plek af kan 'n mens die vuur van 'Kabbo se plek in die aand sien brand. Sy het met die kind daarheen aangesukkel, en sy ontmoet vir 'Kabbo halfpad. Hy is egter eers na die dooie moeder haar hut gegaan om hul daar te soek, en het toe by daardie geleentheid die bene van die dooie moeder daar sien rondlê—want haar lyk was net deur die jakkalse verslind. Hy het in haas sy huis verlaat toe hy die tyding van die moeder se siekte en dood van die moeder haar suster ontvang het; want hy was bevrees dat die suster ook langs die pad sal sterwe en die kind daar hulpeloos, lewendig en spelende by haar lyk laat, sodat die jakkalse die kind lewendig sou verslind. Hy het sy huis vroeg in die oggend verlaat en het die plek waar die moeder dood lê eers die aand bereik. Hy maak toe 'n hut 'n entjie daarvandaan om in die nag daarin te slaap. Die volgende oggend het hy die kind daar by die famielie gaan soek. En dis toe dat hy die siek suster op pad ontmoet het. Hy gaan toe weer met die kind na die hut wat hy laas gemaak het, slaap die nag weer daar, en bereik sy eie huis eers die aand van daardie dag.



„EK SIEN 'N POU EN SKIET DIT . . . . EN BRING DIT HUIS-TOE."

'Kabbo gaan voort om sy storie te vertel :—

,,Ek het haar (Betjie) toe by my gebring; ek was toe nog 'n flukse jong man en kon vinnig hardloop om te jag. En ek dink sy kan by my oorvloed van kos kry, wat ek aan haar kan verskaf. Sy sou dit dan eet. Sy sou dit saam met my eie kind eet, wat toe nog die enigste was. Hulle sou saam opgroei en voor my uitgaan om te speel, daar naby die hut; want albei eet my wild. Ek was vlug om te hardloop; ek voel dat ek met hardloop nog baie goed kan inloop.

,,Dan hardloop ek om 'n haas te vang; ek bring dit dan huis-toe in my knapsak onderwyl die son warm is. Ek het geen springbokke gesien nie, maar net 'n haas. Ek sien 'n pou en skiet dit. Ek steek dit in my knapsak en bring dit huis-toe. My vrou pluk die vere tuis af. Sy kook dit in die kleipot, dat ons sop kan eet.

,,Die volgende dag gaan ek hase jag; ek loer orals in die skaduwee van die bossies, ek skiet, die haas spring op en hardloop weg om verderaan te vrek; ek tel dit op, sodat die kinders kan eet, want die springbokke het weggetrek. Daarom moes ek hase vang deur agter hulle te hardloop, dat hul deur die son se hitte kan dood val. Hulle word dan deur die son doodgebrand; want ek weet dat die haas iets is wat nie water drink nie. Dit eet net droë bossies en lek die dou wat daarop is. Daarom bly die haas dorstig. Dit bly in die warm somer ook sonder water, daar dit glad geen verstand van waterputte of damme het nie; so gaan hy nie drink nie. Hy bly so en lê in die warm son in die koelte van bossies.

,,Daarom hardloop ek agter hulle as die son warm is; sodat die son, brandende, hulle vir my doodmaak; dat ek hul, dood deur die son, kan eet; want dis mos ek wat hul rondgeja het, en hulle het in vrees vir my gevlug. Uit dors en vrees gaan die haas lê om dood te gaan; want hy het droog geword. Al die tyd het ek nie opgehou of gestap nie, anders sou hy omgekyk het en dan van my weggehol het. Hy gaan lê om te sterwe, want dis afmatting wat die haas uitgeput het. Die grond was warm en het ook sy voete gebrand.

,,Ek stap nader en tel die haas op en steek dit in die pylsak. Nou gaan ek weer om 'n ander te soek. Dié een spring ook op en hol in die son. Hy is bang en hol in die warmte rond. Ek agtervolg dié een ook en hol tot hy ook deur die sonhitte dood val. Ek gaan ook dié haas optel, breek sy vier bene en steek hom ook in die sak. Ek gaan dan rondom in die bossies sy maat soek; want dit lyk vir my of hierdie haas getroud kan wees. Ek soek nou na die wyfie. Ek haal die sak van my skouers af dat ek vinnig kan hardloop, en lê die sak neer en vang hierdie hasie ook. Ek bring die buit huis-toe, sodat ek, my vrou en die twee kinders daarvan kan eet. Want ek is bang dat kambro die kinders sal doodmaak; want in tyd van droogte gee dit skerp pyne in die kop en 'n gesuis in die ore.

,,Die reën moet eers val, dan gaan ek volstruise jag. Hulle soek dan water langs die bedding van die Harrivier en gaan dan drink. Ek gaan voor die tyd en wag die volstruise daar af en bekruip hul in die rivierbedding. Ek moet dan plat op my buik lê om hul te skiet. Die volstruise

wat na die weste gegaan het, kom terug om die nuwe water te drink."

Ná dit spreek 'Kabbo sy verlange uit om van Kaapstad na sy woonplek terug te keer. Hy wag nog vir die beloofde paar stewels, wat sterk moet wees, want die son is warm en maak die pad ook warm. Sy woonplek lê ver. Hy wag net op die terugkeer van die maan om te vertrek. Hy sal sy huis bereik as die bome droog is en die blomme op die weg daarheen verdor het. Hy sal nie eers na ander plekke toe gaan nie, maar reguit huis-toe. Daar sal hy op die beloofde geweer wag; want 'n roer is iets wat vir 'n ou man sorg en hom nie honger laat ly nie. Dit was net deur pure honger dat hy gedrewe was om skape te steel en te slag, en so in die tronk gekom het. Maar met 'n roer kan 'n mens in winderige en bitter koue weer skiet, en dan het hy altyd kos in sy huis en hoef dan nie ander se kos te eet nie.

No. 95.

Die Krag van Bygeloof.

No. 95.

Die Krag van Bygeloof.

OPMERKINGS :—Hierdie ware gebeurtenis is aan ons deur oom Karel en sy broer Piet M——- vertel.

NET soos alle inboorlinge is die Boesman baie bygelowig. By hulle bestaan daar altyd 'n vrees dat 'n bose gees of die gees van 'n afgestorwene hulle gedurig gadeslaan om hul te straf as hul iets verkeerds doen, of om hul te seën as hul hulle plig verrig. Gevolglik is daar baie voorskrifte waaraan hul vir hulle moet hou. Bygeloof is sterker by een persoon as by 'n ander wat hom minder aan kleinighede steur, vernaamlik as dit hul ongerief en moeite besorg.

So vertel oom Karel en sy broer Piet toe ons oor bygeloof oor die algemeen sit en praat :—

Hulle vader, oom Willem, het met droë vrugte en rolle tabak 'n handelstog gaan maak en het met daardie geleentheid 'n jong Boesman op die lyf geloop. Hy was 'n besonder geslepe ventjie en was spoedig die gunsteling van hulle (die kinders van oom Willem). Hulle het hom die naam van Krappies gegee. Hy was baie bygelowig, en dit was vir die kinders te mooi; daarom kon hul so baie meer grappies met hom uitvoer.

Dit was nog in die slawetyd; maar Krappies was altyd 'n strepie voor. Sy werk was dié van staljong en koesier,

en verder moes hy vir die varkens sorg en oplet waar die kalkoene en ganse nes maak. Voorwaar geen swaar werk nie! Hy was op sy manier dood eerlik, maar nie by tabak en sterk drank nie—hier steel hy waar 'n kans hom aanbied. In die dag kry hy min kans om sy planne uit te voer, dus neem hy sy kans waar in die aand of nag. Maar as daar op die plek sonder die wete van Krappies 'n wit laken oor 'n regop stok gehang word, is dit 'n waarborg dat daardie drank of tabak vir Krappies ontoeganklik is.

Oom Willem se vrou sterf op haar ou dag en is in die famielie-kerkhof daar naby op die werf begrawe. Krappies was toe ook al 'n ouerige Boesman. Die kinders het by die graf 'n paar wit blomboompies geplant, en toe roep oom Willem vir Krappies, stap met hom na die kerkhof en sê aan hom dat die ounôi altyd vir hom so goed was, en om nou aan haar 'n diens te bewys, moet hy sorg dat die blomboompies altyd water kry. En as oom Willem eendag dood is, dan moet hy altyd die plantjies by sy oubaas en ounôi se grafte kom nat gooi. Hy sal sien as hy dit doen en die kerkhof verder van onkruid skoon hou, dat hy 'n gelukkige ou dag sal hê; want die kinders sal vir hom sorg en oppas as hy siek is.

Dis te wonderlik watter effek hierdie versoek op ou Krappies gemaak het. Van daardie dag af het hy al begin te sorg vir die kerkhof en het nie toegelaat dat daar 'n grassie in groei nie. Hy was selfs nie bang om saans daar by die kerkhof verby te loop nie. En die kinders van oom Willem het dit so prysenswaardig van Krappies gevind

dat hul hom altyd vir sy attensie goed beloon het, en hulle het hom maar daartoe aangemoedig.

Oom Willem sterf kort daarna en is naas sy vrou begrawe, en Krappies word nog meer aan die kerkhof geheg; want hy vind, na sy mening, dat die geeste van sy oubaas en ounôi hom seën. Almal het ou Krappies in sy werk van plig geprys. Hy kom maar eenkeer in die maand by die kerkhof as dit reën; maar in droë tyd dra hy water.

Maar in die laaste jare gebeur dit dat ou Krappies af en toe baie spraaksaam en soms hoog deur die takke is, en dan sorg hy nie meer so mooi vir die grafte nie. Hulle het al op alle maniere probeer om uit te vind waar Krappies aan die drank kom, maar dit geluk nooit nie. Hy kry dit by iemand anders; maar by wie?

Dit raak na Nuwejaar se kant; die kerkhof was verwaarloos. Krappies kom sy kos haal om vir 'n hele dag daarin te werk, en niemand steur hom verder aan Krappies nie. Hy bly die hele dag daar alleen—net middag het hy sy kos kom haal en toe 'n dop wyn gekry.

Nou, laat ons eers die geheim vertel waar Krappies die drank vandaan kry. Die slawe was toe lankal vry. Daar was een van die vrygeworde slawe wat nooit gewerk het nie, en tog is hy nooit sonder geld nie. Hy het met vertroubare volk ooreengekom dat as hul op sekere bepaalde plekke geld plaas, hy dan in die nag daar brandewyn sal plaas en die geld vir die brandewyn vat. Hy het te ordentlik gelyk en het 'n goeie getuigskrif van sy vorige baas gehad, sodat niemand die minste slegte gedagte van hom gehad het nie; want hy het nog by dit 'n soort van handel

gedrywe. Wel, Krappies se drank het hy altyd onder die sipresboom in die kerkhof begrawe. Eers het Krappies saans matig gedrink, en toe het hul nie uitgevind nie; maar later het hy in die dag begin en word dan spraaksaam.

Ons kom weer terug na die dag toe Krappies so fluks die kerkhof aangepak het. Nuwejaar is naby; alles moet mooi lyk. Hierdie slag was daar nie brandewyn nie—die ander jong het met vergissing spieritus van brandewyn in plaas van brandewyn onder die sipresboom die vorige aand geplaas. Krappies het die sterkheid geproe, maar dag toe: ,,Arrie, dis nou vir jou die regte stof!" Hy begin ná die middagete op die dop wyn skerp aan die spieritus te drink en gaan dan weer aan gras skoffel. Die slotsom was, toe die son haas ondergaan, het Krappies half die horries gehad; want by al die drinkery kom nog dat die daggapyp ook nu en dan aangespreek geword is.

Hy val vas aan die slaap, en dit word donker.

Ná hy 'n goeie ruk geslaap het, skrik hy wakker, glad deurmekaar, sodat hy op die oomblik nie weet waar hy was nie. Hy proe nog die smaak van spieritus in sy mond, en toe val hom iets by, nl. dat hy in die kerkhof is. Hy kyk na sy ounôi haar grafsteen, en daar sit 'n uil (natuurlik denkbeeldig). Hy kyk na die sipresboom waaronder die bottel begrawe lê—daar sien hy die oubaas met die bottel in die hand staan en vra: ,,Krappies, Krappies, wat is dit?"

Maar Krappies kies die pad na die hekkie toe, en daar keer 'n bok hom voor. Dog hy bars deur en hol tot in sy kamer waar hy slaap. Die oubaas se gees het dié nag in die

kamer gebly. Die ander dag was hy siek en voel sleg. Daar het hy gelê tot hy beter was.

Maar in sy siekte kon hul sien dat iets hom kwel, en toe kom hy met die geskiedenis uit soos hierbo vertel. Daarop het oom Karel en oom Piet hom wysgemaak dat dit die gees van die oubaas was wat hom kom regstel. Hy het dit so vas geglo dat hy nooit weer sy mond aan drank wou sit nie; selfs het hy hard gestry om sy daggapyp te laat staan. Maar tabak het hy bly rook.

Oom Karel het na die kerkhof gestap en het daar 'n halfbottel spieritus gekry.

Hieruit kan ons sien dat 'n Boesman vir 'n ingrypende indruk ook vatbaar is en dat die indruk by hom bly—ver-naamlik as bygeloof daar iets mee te doen het

No. 96.

Nog meer oor Bygeloof.

No. 96.

Nog meer oor Bygeloof.

OPMERKINGS :—Hierdie verhaal is deur ou Bles in 1882 *aan ons meegedeel. Ons het net van die Agter-Hantam van 'n opmeting na ons huis in Calvinia teruggekeer. Ons was pas terug, of ou Bles, die Boesman, kom ook van sy kuier terug en het weer die nag in die agterplaas geslaap. Hy het in die aand die volgende verhale vertel.*

„VAN ek van basie weggegaan het, het ek my ou maats gaan opsoek. Wat nie weggetrek het nie, is dood; en dié wat ek ontmoet het, is die jonger Boesmans, wat meestal onder die mense groot geword het; en hulle weet van die ou dae maar min af. So kan basie ook sien ons ou opregte nasie van Boesmans raak stadigaan gedaan, en dié wat oorbly, sal naderhand nie meer ons taal kan praat nie. Al wat ek vir basie van die ou dae kon uitvind, is die volgende verhale:—

„Daar ver aan die hang van 'n berg is 'n graafplek vir rooiklip. Die Boesmans van ons tyd het altyd daar rooiklip gaan haal om hulle lyf mee rooi te maak, om gebreide velle mee te kleur, en ook om mee mense en diere teen die rotse af te skilder. Die man wat rooiklip het, was net 'n ryk man; want hy het daarmee onder verafwonende Boesmans handel gedrywe. Hy het daarmee gehandel net wat sy hart begeer het; daarom het sulke Boesmans groot gewaag om rooiklip by daardie graafplek te gaan haal.

,,Hulle het kom vertel dat in daardie berg baie kwaai towenaars woon en dat hul soms hard met daardie towenaars oor die rooiklip moes baklei.

,,Daar was in vanmelewe se dae—baie, baie lankal—'n ou geslag van Boesmans. Hulle kon hulle in diere verander en kon ook ander goed gemaak het. So het hul 'n gat aan die hang van die berg gegrawe; toe maak hul rooiklip en bêre dit in daardie gat aan die hang van die berg. Hulle het ook baie ander goed gemaak en dit daar in gate weggesteek, want hulle woon in daardie berg, en dus kon hul mooi oppas dat ander nie die goed opmors nie.

Nou moet basie weet, dis nie somar almal se werk om daar rooiklip te gaan haal nie. Hy moet man honderd wees. Maar iemand wat verstand het en wat weet, kan daarnatoe gaan. Want so slim as die ou geslag plek-plek was, so dom was hul plek-plek weer. Ons Boesmans wat nou lewe, is baie slimmer om iets uit te dink en te begryp as wat hulle was. Daardie ou geslag, weer, het baie snaakse dinge kon doen; hulle het maklik in bome geklim, hulle het vir hulle kan verander, en kon gevaarlik tower.

,,Maar ons geslag, naamlik dié wat verstand het, kan daardie ou towenaars uitoorlê. Ons het ook towenaars, wat slimmer as die oues is. Dus, as ons na die graafplek van die rooiklip wil gaan, dan gaan ons eers na een van ons towenaars toe en vra vir hom kouhoutjies om op te byt, sodat ons die ou towenaars kan sien, maar hulle kan ons dan nie sien nie. Dis mos 'n goeie plan hierdie, my basie—nie waar nie, my basie?

,,Ek het nou by 'n ou meid gekuier. Sy vertel haar man het altyd daar by die berg van die rooiklip gaan haal. Hy het altyd sy eie towergoed gemaak; dan het hy twee maats met hom na die berg toe meegeneem. Sy vertel verder:—

,, ,Eendag stap die drie weer na die berg toe. Toe hul naby kom, begin hul aan hulle kouhoutjies te kou. Toe was hul veilig. Hul stap nader en begin toe te klim tot by die graafplek. Hul gooi al die tyd met klippe orals in die rondte om die towenaars bang te maak. Die towenaars kan wel die klippe sien val, maar weet nie van waar die klippe kom nie. Die towenaars word dan bang en vlug in gate. 'n Gaatjie kan nie te klein wees nie, of hul kan daarin kruip—ek meen die towenaars kan daarin wegkruip. Hulle kan in 'n muisgat, in 'n skerpioengat, in 'n miergat—ja, in die kleinste gaatjie kan hulle wegkruip. Solank die een grawe, moet die ander twee nie ophou om met klippe te gooi nie. As hy klaar met grawe het, dan kom hy weer gooi om 'n ander een 'n kans te gee om vir hom ook rooiklip te grawe; as hy genoeg het, dan kom hy weer met klippe gooi om die ander wat nog nie gegrawe het nie, 'n kans te gee om vir hom ook rooiklip te grawe. As hul wegstap met die sakke rooiklip agter hulle rug, dan slaan hul met stokke en kieries sover as hul loop, tot hul weer op die vlakte is.

,, ,Nou, daardie dag toe die drie gestap het om rooiklip te gaan haal en so met klippe gegooi het, en toe hul daar by die graafplek kom, toe vlie uit 'n gat bo in die afgegrawe wal 'n witstert-spreeu uit, en hy gaan op 'n bos daar naby sit en skree. My man sê toe aan sy twee maats: ,,Pas op,

dis een van die towenaars wat hom in 'n spreeu verander het. Wie kan die beste skot met die pyl skiet? Dè, hier is 'n kouhoutjie.'' Die een kou aan die houtjie, kruip nader, skiet op die spreeu, en tref hom. Hy stap nader, gaan sy pyl haal, maar vat nie aan die voël nie.

,, ,Pas was hy terug, of daar kom bo-oor die randjie daar naby 'n groot mannetjiesbobbejaan; hy wys sy tande, gryns en rek sy oë. Meteens stap twee knewels van bobbejane agter die voorste aan. Hulle wys ook tande, gryns en rek oë. My man (sê die ou meid aan Bles) gee vir sy maats weer kouhoutjies, en al drie span hulle boë—en ieder Boesman het sy bobbejaan teen die grond. Hulle wag 'n bietjie, en toe stap hul nader om hulle pyle te gaan haal, wat die bobbejane self uit hulle lywe getrek, maar weggesmyt het. Die bobbejane sit nes mense en huil en trek self hulle eie ingewandes uit; en toe sterf hul. Want die spreeu het hom nou in 'n bobbejaan verander en het toe twee ander maats geroep. Die drie Boesmans het toe maar gou die rooiklip gegrawe en haastig gemaak om terug te gaan.

,, ,Daar onder in die vlakte kry hul 'n slang, en toe weer 'n slang, en toe weer 'n slang, en ieder maal kry hul 'n slang. En elkeen het hul doodgemaak om te wys dat hul sterker is as die ou towenaars en te toon dat hul deur die ou towenaars nie gepla wil wees nie; want merk die ou towenaars dat iemand nie teen hulle kan opkom nie, dan pla hul eers regtig.'

,,Ja,'' sê ou Bles hierop, ,,nou kan my basie sien dat al wat 'n Boesman wil hê, kom hy maar swaar aan; maar tog, ons is en bly 'n plesierige nasie.''

No. 97.

'n Boesman se Opvoeding.



No. 97.

'n Boesman se Opvoeding.

OPMERKINGS :—Die besonderhede omtrent hierdie onderwerp het ons van ou Bles ontvang.

DIE vernaamste opleiding wat 'n Boesman-jongetjie ontvang, is om goed te kan jag; en die meidjie leer, deur haar ma te help, om met hulpelose kinders om te gaan en om veldkos te grawe, daar dit meestal aan die meid oorgelaat word om euntjies en wortels te grawe, om veldvrugte te versamel, en om sulke goed te vang soos paddas, krappe, akkedisse, en selfs wurms.

Daar bestaan haas geen sedelike opvoeding nie. Daar is hoegenaamd geen geheime van samelewing wat nie vryuit voor kinders gepraat word nie. En barbare is glad nie kieskeurig omtrent die onderwerpe van hulle gesprekke nie. As gevra word waarom hul soms nakend, sonder 'n stuk klere loop, dan vra hul eenvoudig : ,,Hoekom loop die diere sonder klere, en waarom moet 'n mens onnodig skaam wees

as hy sonder klere loop?" Maar tog, die Boesman besit 'n seker mate van skaamte en loop nie heeltemal kaal nie—nes die inboorlinge van Midden-Afrika.

Die kinders leer wat te doen, meer deur aanluister en afkyk—met ander woorde, hul leer meer deur na-aap as deur direkte onderrig. En wie is 'n groter na-aper as 'n kind? Al wat hulle ouers en ander volwassene doen, wil en moet hul ook doen. Hulle kry seer en sukkel, maar later kry hul dit tog op 'n manier reg; en nog later kan hul dit ook net so goed, en soms beter, as die oues doen.

Daar bestaan by die Boesman haas geen ouderlike tug nie. Dis selde dat hul 'n kind teen iets onbehoorliks waarsku, en nog minder word die kinders oor kwaad gestraf. Maar wee die arme kind as sy pa of ma hom eendag pak om hom 'n ranseling te gee—dan draai dit by die dood om; dan slaan hul onbarmhartig. Dit gebeur ook dat as die jong of meid net so groot en sterk as hulle ouers is, dat hulle hul dan deeglik teen hulle ouers verset en terug slaan.

Die Boesman is eintlik nie 'n twisterige nasie nie, maar hy is koppig. Hy gee nie in nie, of hy moet amper doodgeslaan wees; dan eers hou hy op. Daarenteen is hy mededeelsaam; hy sal die laaste stukkie met 'n ander deel en verwag dat daardie een dieselfde aan hom moet doen—anders kom daar stry, of hy vat dit eenvoudig uit eie reg. Dit alles aanskou die kinders, en hulle aap hulle ouers na.

Die wilde diere maak daar niks van om Boesmans op hulle slaaplek te kom bekruip en op te eet nie. Daarom moet snags vuur gemaak word om die diere mee te verdrywe. 'n Veldvuur is gesellig solank die slaaptyd nog nie daar is

nie. Ook die gesels en stories raak uitgeput, en dan is daar niks beters om die tyd mee te verdrywe nie as om te dans.

Pretmaak hou kinders uit die slaap. Hulle let op die fyn passies wat die dansers uitvoer, en begin, tot vermaak van hulle ouers en ander, die passies na-aap. Van jongs af begin hul, word daardeur uitstekende dansers en neem in knapheid toe namate hul opgroei. So word die voornag en 'n deel van die na-nag met dans deurgebring.

Watter kind is daar in die wêreld wat nie by een of ander geleentheid probeer het om 'n eie musiekinstrument te maak nie? Boesman-kinders vorm hierop ook geen uitsondering nie: Hulle maak ook ghoeras en ramkies, net soos hulle pa en ander dit doen; en spoedig boots hul die riele na wat die ander speel. Deurdat dans 'n groot tydverdryf by Boesmans uitmaak, en deurdat dans meer as helfte van sy bekoorlikheid sonder musiek verloor, so word baie geoefen om musiek te kan speel om daarmee danspartye te lei. Ook die ghoera ('n boog met een snaar en 'n stuk vlerkveer, waarop geblaas word) dien om die eensame of gesellige uurtjies aangenaam verby te laat vlie. Die kinders sien dit alles en aap dit ook na.

Velle-brei is ook 'n kuns; die kinders slaan ag op die manier waarop hulle ouers dit doen, en spoedig het elke kind 'n velletjie waaraan hy besig is, en al doende leer hy om goeie werk te maak.

Op jeugdige ouderdom maak hul reeds kleiosse, of maak wild na met potklei. Hulle word met die geaardheid van potklei bekend: hulle weet watter soort bars as dit droog word, en watter soort nie bars nie. Of spoedig vind hul uit

dat potklei bars as dit in die sonskyn droog; dus plaas hul hulle nat kleigoed in die skaduwee om te droog. Spoedig aap hul—vernaamlik die meidjies—hulle moeders na om kleipotjies te maak en kook kamtag hulle kos daarin. Maar die ma help hiermee haar dogters reg.

Vroeg in sy jeug begin die jongetjie sy pyl en boog te maak en skiet daarmee paddas en voëls, akkedisse en muise. In hierdie geval mag die pa, die oupa, of 'n oom hul reg help om 'n goeie boog en pyl te maak. Dog meestal is dit nie nodig nie. Hulle hoor genoeg oor boë praat, en hoe al die goeie en slegte puntjies daarvan bespreek word.

Dus, 'n bepaalde skool om iets in te leer, weet die Boesman-kind niks van af nie. Hy begin uit sy eie te oefen en volg maar die wenke wat hy uit die gesprekke opvang. Maar tog, hier en daar word hy reg gehelp. By voorbeeld, hulle wys die kinders watter giftige vrugte, wortels of bossies te vermy. Ook word hul vertel wanneer sekere soorte eetbare vrugte of wortels as voedsel skadelik word. Jong kinders word voor oë gehou dat hul die ou Boesmans en meide moet respekteer. Dog verder moet die kind maar self sien deur na-aping reg te kom. Ons kan sê dit is nie veel beter as wat 'n aap sy kind opvoed nie.

Dit is die werk van die kinders om water in doppe van volstruiseiers of in die maag van 'n springbok aan te dra; ook dra hul vuurmaakhout aan.

Maar bo alles is die vader daarop gesteld om van sy seun 'n goeie jagter te maak. Hy neem die kind, as dié al goed muise en voëls kan skiet, met hom saam veld-toe. Hy leer die kind hoe om wild te bespied. As wild in gesig is,

onderrig hy die seun waarlangs te kruip en hoe om te kruip en dan hoe om die wild te skiet. Het die seun reeds 'n goeie begrip van die jag, dan word hom haarfyn die geaardheid van ieder stuk wild uitgelê. Vernaamlik word hom planne aan die hand gegee hoe om leeus, tiere en wolwe te beveg. Deur die geaardheid van ieder wildding en verskeurende dier te ken, weet hy presies wat te doen as hy die aanval moet maak; of as die woedende dier op hom aanval, hoe om hom te gedra en te verdedig.

Ja, dierkundiges kan nog baie by 'n Boesman gaan leer wat die geaardheid van ieder Afrikaanse dier is; want een skrywer volg die ander, en so slaan almal die bal soms ver mis as die eerste skrywer dit gedoen het.

No. 98.

Hoe 'n Tier baas gespeel het.

No. 98.

Hoe 'n Tier baas gespeel het.

OPMERKINGS :—Hierdie verhaal is ook afkomstig van ou Bles, die Boesman. Hy gaan met sy verhaal aan soos volg :—

„TOE ek 'n kind was, het verskeie jong Boesmans by die mense gewerk. Hulle was nie bepaald slawe nie. Sommige het van hulle base weggeloop en vir ons vertel hoe dit op die plase toegaan. So het my oudste broer ook lus gekry om 'n tydjie op 'n plaas te gaan werk. Die plaas het oorkant teen die ander berge (die Tulbaghse berge) gelê. Hy het toe geleer om die taal van die witmense te praat, en sy oubaas en ounôi was baie goed vir hom.

„Hy vra toe eendag verlof van sy baas om sy pa en ma te kom opsoek en by hul 'n rukkie te kuier. Die oubaas het geweet as hy nie ja sê nie, sal my broer tog wegloop; dus het hy maar ingestem dat my broer kan loop. Toe hy by ons kom, het hy baie mooi goed saamgebring, soos sakmesse, ysterhoepels om harpoene vir pyle te maak, en 'n koubeitel om die yster mee in vorm te kap. Maar waaroor ons die meeste bly was, was oor die twee honde wat hy meegebring het; want dié honde was deel van sy betaling vir die werk by sy oubaas. Ons het lank vir honde gewerk.

,,Hy vertel toe aan ons dat daar naby die plaas van sy oubaas 'n man woon wat met negosiegoed rondry en handel; dié baas het gesê hy moet tier- en jakkalsvelle bring, dan sal hy dit ruil—want geld het in daardie dae vir ons Boesmans geen waarde gehad nie.

,,Ons jong Boesmans was net bly om dit te hoor, want ons het reeds verskeie tiervelle en ook jakkalsvelle gehad om te verhandel. Maar nou kan die twee honde mos help om nog meer jakkalse te vang. En daarin was hul net fluks.

,,Ná 'n rukkie het ons net baie velle gehad, wat ons vir messe, tonteldose en vuurslae, krale en 'n paar byltjies kan verhandel. Die goed wat my broer gebring het, het vir ons net baie beteken; want nou werk ons soveel makliker. Die strewe is nou om meer tier- en jakkalsvelle in hande te kry. Ons ou volk het help vang; maar met die wegbring wou hul net niks te doen hê nie. Hulle was vir die witmense baie bang; dus het my oudste broer, wat die plek ken, en 'n ander Boesman die velle gaan verhandel.

,,Daar was baie tiere in die Roggeveld- en Bokveldberge in daardie dae. Ons het geweet hoe om hul te verstrik of in vanggate te vang. Kyk, my basie, dis nie algar se werk om 'n tier in 'n vanggat te vang nie. Die dier se ruik is te fyn; en dan, hy is baie, baie versigtig om uit gevaarlike plekke weg te bly. Maar ons het verstaan watter soort gat om te maak. Onder in die gat plant ons lang spits houtpenne, met punte so hard en skerp as 'n els. Aan die punte smeer ons van dieselfde gif as wat ons aan ons pyle smeer. Dus, al kry hy maar 'n ligte wond, die gif



„HY PAK EEN VAN ONS DEUR HOM 'N SLAG MET SY SKERP NAELS OP DIE KOP TE GEE."

maak hom dood. En dan, bo-op die vanggat moet jy verstaan hoe om die grond en gras daaroor te reël en met bloed te besprinkel, en agter plaas ons die stuk beenvleis.

,,Op 'n sekere dag het ons 'n kwagga geskiet—een van die vaal kwaggas. Ons het van die kwagga se bloed meegebring en het sy bladbeen met 'n stuk vleis daaraan vir stel-aas gebruik. Net in daardie tyd het 'n tier snags gebrul. Tiere, nes katte, het sekere tye om snags te brul, terwyl mak katte 'n lawaai opskop om 'n mens uit die slaap te hou. Ons het gou die looppaadjie van die tier agtergekom en daarin die vanggat gemaak; verder, ná alles in orde te gemaak het, het ons na ons woning teruggegaan.

,,Die volgende oggend sien ons wild daar oorkant teen 'n rand wei. Die ou volk gaan toe daarheen; maar een van hulle met twee van ons jong Boesmans, waarvan ek een was, moet gaan om te kyk of daar 'n tier in die vanggat dood lê. Want kom hy uit die vanggat, die gif maak hom tog dood. En los kom hy nie—dis te sê as hy in die gat geval het. Die val was meer bedoel om hom met gif te wond.

,,Ons kom by die vanggat, en daar sit die tier in een van die spits penne vas—so dood as 'n klip. Die tier het vooroor getuimel, en die skerp pen het die dier voor die bors tussen blad en ribbe ingesteek; met die kop half na onder was hy volkome magteloos.

,,Ons haal ons karosse af, ook plaas ons ons boë en pylsakke op die grond, pak die tier aan die stert en agterpote en sleep hom uit. Dit was te veel vir die mannetjie wat daar kortby lê. Hy spring op; en eer ons kon padgee,

was hy op ons. Hy pak een van ons deur hom 'n slag met sy skerp naels op die kop te gee en trek sy kopvel so te sê heeltemal af. Hy byt die een dood. Sonder om ons pyle en boë te gryp, vlug ons ander twee ieder in 'n boom. En daar sit ons veilig, dog heeltemal weerloos. Dat hy ons nie dadelik agtervolg het nie, was daaraan te danke dat ná hy ons maat doodgebyt het, hy ons velkarosse gepak en aan flenters geskeur het. Hy bly by ons dooie maat en die dooie wyfie lê. Hy was honger en begin somar die lyk te eet. Ons het hom eers deur te raas en skree teruggehou; maar later kon ons dit nie meer reg kry nie, want hy was te honger en het hom versadig aan die lyk geëet. Knippeldik geëet, gaan hy onder 'n groot bos in die skaduwee lê om die lyk en die dooie wyfie op te pas.

,,En ons! Wat kon ons anders doen as net om om hulp te roep. Maar wat sal roep help? Ons mense jag daar ver teen die rand en in die kloof.

,,Toe hul middag tuiskom en ons is nog nie daar nie, merk hul onraad en maak plan om na ons te kom soek. Hulle kom nie reguit na ons toe nie, maar klim eers teen 'n koppie daar naby ons uit en roep na ons. Ons gee antwoord.

,,Ons kon hul toe die toestand mooi vertel en sê waar die tier lê en in watter bome hulle met hulle pyl en boog kon klim; dan sal ons die tier terg om hom uit te lok, en dan kan hul hom skiet.

,,Die Boesmans raak daar weg en gaan om 'n ander koppie om die tier van 'n ander rigting te bekruip as dié vanwaar hul met ons gepraat het; want die tier het daardie

koppie gedurig in die oog gehou en voel nou onrustiger as tevore.

„Twee van die beste skutters het nader gekruip en het die plan fyn oorlê; want toe die tier nog gedurig na die plek kyk vanwaar hy die stemme gehoor het, toe vlug die twee ieder in 'n boom naby ons. Die tier swaai stert, dog lê maar stil. Ons lok hom toe uit, en hy kom. Die skutters lok hom toe weer uit, en hy gaan daarheen, om daar sy doodskot te ontvang.

„So was die tier 'n hele dag oor ons baas."

No. 99.

Twee verwante Stories.

No. 99.

Twee verwante Stories.

OPMERKINGS :—Die eerste storie is ook afkomstig van ou Bles, die Boesman. Ná sy laaste besoek aan ons op Calvinia moes ons die volgende dag na Roggeveld vertrek om daar te meet; dus het ons hom nooit weer ontmoet nie, waaroor ons baie spyt het, daar sy verstand op sy hoë ouderdom nog heeltemal helder was en hy so baie kon vertel.

EENDAG sê 'n ou Boesman van die ou geslag aan sy seun om fluitjiesriet te gaan haal om pyle van te maak. Tegelykertyd waarsku hy die seun teen 'n ou towenaar wat daardie riet oppas, sodat die ou volk nie sulke goeie pyle kan maak nie; hul moet dan maar vir hul met slegte fluitjiesriet behelp. Hy gee die seun 'n sekere pyl om die towenaar mee te skiet; die pyl sal hom so brand dat hy niks sal kan doen nie.

Maar die seun was eiewys; hy stap na sy hut waar hy slaap, en neem sy eie pyle met hom mee en neem die vurige pyl van sy vader nie mee nie.

Toe die seun by die plek kom waar daardie goeie fluitjiesriet groei, begin hy somar op die daad te sny. Die ou towenaar verander hom en sy famielie in leeus, en hy vra aan die seun om te vertel wat hy daar maak. Die seun ant-

woord dat sy vader hom gestuur het om riet vir pyle te kom haal.

,,Hoekom vra jy nie eers vir my nie?" vra die leeu.

,,Ek het jou nie gesien nie," werp die seun teë.

Toe byt die leeu die seun dood. Die leeu se drie kinders spring toe heen en weer oor die lyk en sing :—

Hy steel ons fluitjiesriet,
Hy steel ons fluitjiesriet
Om pyl te maak.

Ons pa het hom verslaan,
Ons pa het hom verslaan;
Sy pa weet niks!

Toe die seun oor sy tyd wegbly, sê die vader aan sy vrou: ,,Ons seun is dood; ek kan dit aan my dolosse sien, en ek moet gaan kyk."

Hy kyk in sy seun se hut en kry die brandpyl daarin, en hy stap na die plek waar sy seun dood lê. Toe hy daar kom, kom die leeu nader en vra wat die ander man daar kom soek.

,,Ek kom fluitjiesriet haal," antwoord die man.

,,Nou ja, dan sal ek vir jou ook doodbyt," sê die leeu.

Onderwyl spring die leeu se kinders nog altyd oor die lyk en sing een streep deur; dog hul verander die woorde nou en dan. Die leeu storm die man (wat ook kan tower); die man skiet hom met die brandpyl; toe brand die lywe van die hele gesin ook, en algar vlug.

* * *

Die volgende storie, wat groot verwantskap met die juis neergeskrewe storie besit, is deur mnr. Joseph M. Orpen, Britse Resident in Grikwaland-Oos, aan die *Cape Monthly Magazine* van Julie 1874 meegedeel. Dit is 'n vertelling deur 'n Boesman uit die Maloetie-gebergtes. Dit lui soos volg :—

Storie van Cagn.*

Cagn stuur Cogaz (sy oudste seun) om latte te sny om boë van te maak. Toe Cogaz by die bos kom, vang die bobbejane hom. Hulle roep toe al die ander bobbejane om hom te kom hoor, en hulle vra hom wie hom daarheen gestuur het. Hy antwoord dat sy vader hom gestuur het om latte te sny om boë van te maak.

Dus sê hulle : ,,Jou vader beskou hom baie slimmer as ons; hy wil die boë hê net om ons mee dood te maak, dus sal ons jou maar doodmaak."

En hulle maak Cogaz toe dood en hang hom bo aan die top van 'n boom op; hulle dans toe om die boom, en hulle sing 'n onbeskryflike bobbejaanlied met 'n koor wat sê : ,,Cagn dink hy is slim."

Cagn lê en slaap toe Cogaz doodgemaak word; en toe hy wakker word, sê hy aan Coti (sy vrou) om vir hom sy dolosse aan te gee, en hy hang dié oor sy neus, en hy sê : ,,Die bobbejane het vir Cogaz opgehang."

---

* [Cagn in hierdie storie moet lees 'Kaggen—die Boesmannaam vir 'n Hottentotsgod.—Die Skrywer.]

Dus stap hy na die plek waar die bobbejane is. En toe hul hom daar naby sien aankom, toe verander hul die woorde van die lied, waardeur hul die naam Cagn uitlaat.

Maar 'n bobbejaan-meisiekind sê: ,,Moenie só sing nie; kom, sing soos julle tevore gesing het."

Cagn sê toe: ,,Sing soos die klein meisie verlang."

En hulle sing en dans soos tevore.

En Cagn sê: ,,Dis die lied wat ek netnou gehoor het; dit is wat ek wil hê. Toe, gaan maar voort om te dans tot ek terugkom."

Hy stap toe weg om 'n mandjie vol skerp penne te haal. En toe hy terugkom, stap hy om en gaan agter een vir een staan en dryf 'n pen in elkeen se rug en gee dit boonop 'n buig—want hulle het so gedans dat dit donker van die stof was. Hy ja hul toe weg na die berge toe om daar te gaan lewe op wortels, goggas, en skerpioene as 'n straf vir hulle.

Voor dit was bobbejane mense; maar van daardie tyd af het hul sterte, en hulle sterte hang afgebuig.

Cagn haal toe vir Cogaz af, gee hom kanna en maak hom weer lewendig.

No. 100.

Uit die bek van 'n Krokodil ontsnap.

No. 100.

Uit die bek van 'n Krokodil ontsnap.

OPMERKINGS :—Dit was in die jaar 1883, ná ons Pietretief as dorp uitgelê het en op terugreis na Pretoria was, dat die besonderhede van hierdie verhaal aan ons op die Hoëveld een aand deur 'n Boesman meegedeel is.

'n BOESMAN besit 'n sekere mate van trots in hom en voel glad nie lekker as iemand gedurig van sy kleinheid van persoon gewag maak nie. Hy voel erg trots as hy iemand iets kan wys waarmee die persoon onbekend is. Dit het ons een aand in besonder opgemerk.

Ons het skemeraand op die ope Hoëveld uitgespan. Dit was op 'n publieke uitspanning naby 'n spruit water. Ofskoon dit in die somermaande was, was dit daardie aand koud, soos dit soms op die Hoëveld *kan* koud word. Solank die osse nog wei, was my Kafferdrywer besig misbolle op te tel om vuur te maak. Onderwyl maak 'n Boesman sy verskyning; en toe die Kaffer hom op korswelwyse vra waar hy vandaan kom, en of hy daar somar uit die grond gekruip het, was hy enigsins beledigd en wou nie verder met die Kaffer praat nie; maar toe dié aan die Boesman 'n pruimpie tabak gee, verander die Boesman dadelik van houding—want nou neem my Kaffer mos notiesie van hom. Ons het geen wa-leier gehad nie; dus beloof ons hom 'n vergoeding

as hy wil help om vuurmaakgoed te versamel en een en ander te doen.

Ná die osse aan die juk vasgemaak was, begin die Kaffer vuur te maak; want daar was nou 'n oorvloed van brandstof. Ons persoonlik klim uit die wa om langs die vuur te gaan sit.

Die Boesman het die vuur so gestaan en bekyk en het eers niks daaroor gesê nie. Maar later merk hy op: ,,Baas, ek kan somar sien julle witmense, en hier my maat, verstaan nog nie om met misbolle vuur te maak nie; laat ek vir julle wys.''

Hy pak toe die misbolle om die vuur nes 'n skoorsteen van agtien duim hoog. Spoedig slaan in daardie skoorsteen 'n vlam op asof dit 'n vuur is wat met hout gemaak is. Dit was natuurlik 'n lekker warm vuur. Ons vergeet nooit hoe trots hy gevoel het dat hy dit só reggekry het nie, want hy voeg nog daarby: ,,Baas verstaan net om drostervuurtjies te maak.''

Ons het die les vir altyd onthou. Ons bemerk dat hy aan een been, onderkant die knie, 'n gebrek het, en vra hom wat die oorsaak daarvan was. Hy wys die plek aan ons en vertel sy verhaal soos volg:—

,,Ek was eenmaal saam met my oubaas na die skietveld toe. My werk was om na die osse te kyk. Daar in die spruit waar ons staanplek was, was groot seekoegate: maar ons het nie eintlik krokodille daar gewaar nie. Dus was ons min of meer gerus—in ieder geval, ek was perdgerus. Maar ek dink dat die bloed van die wild wat my

oubaas-hulle geskiet het, en die bloed-besmeerde goed wat gedurig in die spruit gewas is, die krokodil aangelok het.

,,Ek en my kleinbaas stap eendag deur vlak water (bokant 'n seekoegat) deur die spruit. Net soos ons halfpad was, het 'n krokodil my aan my been; hy vang my onderkant my knie en sleep my die seekoegat in. Met die sleep kom my hand teen die horings van 'n wilde bok waaraan die krokodil net besig was om te eet. Hy trek my toe in 'n gat onder die water in. Die gat gaan skuins in die wal op. Die krokodil los my toe daar en gaan weer aan sy bok vreet. Ek hou my of ek morsdood is.

,,Nou, baas sal sien, as 'n witman en 'n Boesman deur water stap, dan sal die krokodil nooit die witman pak nie, maar wel die Boesman. Net so met 'n leeu: As 'n Boesman tussen witmense slaap, sal hy die witmense verbygaan en die Boesman pak en wegdra.

,,Wel, in hierdie geval was my kleinbasie nader aan die krokodil, en tog kom hy my aan die ander kant van die kleinbaas vang. Kan baas vir my sê waarom ons arme Boesmans sulke ongelukkige skepsels is?''

Ons versoek hom om voort te gaan en te vertel hoe hy van die krokodil verlos geraak het.

Hy vervolg: ,,Die krokodil het gedink ek was dood; want ek het my morsdood aangestel toe hy my in die gat onder die wal insleep. Elke maal kom hy loer of ek nog stil lê. Ek voel toe so benoud. Ek verwag dat hy enige tyd sal kom om aan my te vreet, want ek weet mos nie hoeveel kos hy daar het nie, en ook hoeveel hulle is nie.

,,Toe my oë aan die donker gewend raak en ek reg kom (want ek was half versmoor onder die water), toe kyk ek orals rond en sien 'n ligstraal bo deur 'n skeur skyn. Ek kruip saggies hoër en sien dis net 'n groot skeur. My wonde waar die krokodil my gebyt het, bloei—want ek kan die warm bloed voel tap.

,,Net toe ek klaarmaak om bo-uit te vlug, kom die krokodil weer loer en gee my net 'n seer byt aan die been—glo om te kyk of ek regtig dood is. Ek lê so stil en haal saggies asem. Hy dráai terug en gaan weer vreet.

,,Toe neem ék my kans waar. Ek beur deur die nou skeur. Ek hou my smal en dun. En bo-uit is ek! en hol vinnig weg. Maar hier borrel die krokodil ook uit en hol 'n ent agterna; dog ek hardloop met my seer been skoon van sy lyf weg.''

ZA 810.09 Wielligh

R2;
Afr2;
BM2;